September - Oktober 2005

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

Vol. 4, No. 5 Vertalings saamgestel uit die *Tomorrow's World*- en *Living Church News*-tydskrifte



## Persoonlik

Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

# Die Bybel, of menslike tradisie?

Ons hier by *Die Wêreld van Môre* glo dat ons werklik *vir iets moet staan*. Ons glo dat, as gelowige mense sê hulle "glo" in die God van die Bybel, hulle moet glo en onderrig *wat die Bybel werklik sê*. In die bladsye van hierdie tydskrif sal u deurgaans verwysings vind wat wys dat dít wat ons onderrig, uit die ***Skrif*** kom, *nie* bloot uit een of ander menslike tradisie nie. Ons daag u dikwels uit om wat ons sê aan uself te ***bewys*** deur dit in die bladsye van *u eie Bybel* na te slaan.

Die *Waarheid* is kragtig omdat egte Waarheid oor en oor bewys kan word. Dit kan op verskeie maniere ***getoets*** word en sal *nie* tekortskiet nie. Jesus Christus het 'n basiese maatstaf daargestel wat op baie verskillende studierigtings toegepas kan word, maar in die besonder op die studie van godsdiens. Jesus sê: "Maar pas op vir die valse profete ["leraars"] wat in skaapsklere na julle kom en van binne roofsugtige wolwe is. *Aan hulle* **vrugte** *sal julle hulle ken*. 'n Mens pluk tog nie druiwe van dorings of vye van distels nie! So dra elke goeie boom goeie vrugte; maar 'n slegte boom dra slegte vrugte" (Mattheus 7:15-17).

Ons moet noukeurig dink oor die "vrugte," of die *resultaat*, van verskillende godsdiensleerstellings. As ons dit deeglik en eerlik doen – *nie* net om dít wat ons reeds glo te bevestig nie – word dit duidelik dat individue en nasies geseën word en "goeie vrugte" dra *in direkte verhouding* met hoe hulle die wette en leerstellings van die Bybel onderhou. Namate ons egter toenemend ons rug draai op enige Bybelse grondslag, sal ons vind dat ons nasies – en die meeste individue – dienooreenkomstig sal *ly*.

Na die dood van die profete Moses en Josua, het antieke Israel begin afwyk van die Wette van God. Die Bybel boekstaaf die chaos wat gevolg het: die gesinsontwrigtings, oorloë, moorde, verkragtings en die gepaardgaande *lyding*. Na die beskrywing van die verwarring en lyding wat in daardie dae gebeur het, vertel God se Woord ons: "*In dié dae was daar geen koning in Israel nie: elkeen het gedoen wat reg was in* **sy** *oë*" (Rigters 21:25).

In 'n weldeurdagte en kragtige artikel in Mei 2004, het rubriekskrywer Cal Thomas 'n korrekte ontleding gegee oor wat besig is om in die Verenigde State te gebeur. Hy skryf: "Kultuurtsunamies, soos dié wat onder die oseane begin, word veroorsaak deur iets diep onder die oppervlak. Wanneer hoogwater die kus tref, is dit die gevolg van 'n ondergrondse aardbewing. Toe die staat Massachusetts Maandag begin het om huwelike tussen mense van dieselfde geslag te voltrek, het 'n seismiese verskuiwing in die morele tektoniese plate hierdie 'golf' vooruitgeloop ... Wanneer daar genoeg van hierdie verskuiwings plaasvind, wanneer ons ongevoelig begin raak oor

onveranderlike waarhede, is dit nie meer 'n geval van óf die vloedgolf gaan tref nie, maar wanneer ... Die apostel Paulus het lank gelede reeds gesien wat gebeur wanneer mense grense verwyder: '*want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede*' (2 Timotheus 4:3). Daardie dag het soos 'n tsunami oor Massachusetts en spoedig in die ander 49 state gekom. Dit is as gevolg van die aardbewing wat ons fondament gekraak het".

Neem asseblief tyd om *hieroor na te dink*! Dink *waarheen ons op pad is* oor die volgende aantal jare – *nie* net in Amerika nie, maar ook in Kanada, Brittanje, Australië, Suid-Afrika, Nieu-Seeland en die grootste gedeelte van die belydende Christelike wêreld.

Hoe het ons tot hierdie toedrag van sake gekom? Hoewel die meeste Westerse nasies bely dat hulle Christene is, kry hulle hul weergawe van "Christelikheid" uit die *Bybel*, of uit *menslike tradisie*? Ek hoop dat die meeste van u intekenaars ons laaste uitgawe se insiggewende artikel, "Die Twee Babilons" deeglik gelees het. Dit maak dit duidelik met helder Bybelse- en historiese **bewyse –** wáár en hoé die meeste mense onwetend hul godsdienstige idees en filosofieë gekry het.

**Vervolg op bladsy 27**

# Inhoudsopgawe


## Voorblad: Persoonlik

**Die Bybel, of menslike tradisie?**

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek.

## Hoofartikel..........................3

**Ware Sukses: Wat is dit?**

**Waarom profesie? .....................8**

**Die padkaart na ware vrede.......13**

**Profesieë in Vervulling: Vrede op aarde? ........................17**

**Gelouterde goud.........................19**

**Hoe om te voorkom dat u Laodisees word..........................24**



**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Roderick C. Meredith
**Redaksionele Direkteur**
Richard F. Ames
**Uitvoerende Redakteur**
William Bowmer
**Besturende Redakteur**
Gary F. Ehman
**Streeksredakteurs**
Rod McNair (Filippyne)
Bruce Tyler (Australië)
Gerald Weston (Kanada)
Douglas S. Winnail (Europa)

**Nuusburo**
June Olsen

**Streekskantore**

**VSA:**
P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALIë:**
GPO Box 772
Canberra, ACT 2601
Tel: (07) 5546 0472
Faks: (07) 5546 0768

**KANADA:**
P.O. Box 27202
Toronto, Ontario, M9W 6L0
Tel: (905) 671-3730
Faks: (905) 671-9599

**NIEU-SEELAND:**
P.O. Box 2767
Auckland, New Zealand
Tel/Faks: (09) 435 3592

**FILIPPYNSE EILANDE:**
MCPO Box 1774
Makati City 1257, Philippines
Tel: 63-2-813-6538
Faks: 63-2-867-1569

**BRITTANJE:**
P.O. Box 9092
Motherwell, ML1 2YD Scotland
Tel/Faks: 44-1698-263-977

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS 9880
Tel: 058 622 1424
Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.


© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

# Ware sukses: Wat is dit?

**Deur Roderick C. Meredith**

*Wil u ware sukses smaak? Wil u ware geluk ervaar? Wil u hê dat ander mense u moet sien as iemand wat ryklik bygedra het tot hul welstand?*

Tallose miljoene mense in ons hedendaagse samelewing streef "sukses" na. Hulle lees boeke, luister na bande, woon seminare by en doen allerlei dinge ten einde suksesvol te wees.

Wat ***is*** "sukses" egter?

Dit is noodsaaklik om te besef dat 'n mens nie *ware* sukses kan bekom, tensy jy ten volle verstaan *wat dit is* nie! Baie mense beskou sukses in die lig van om baie geld te besit of te verdien. Ander mense voel weer dat, indien hulle net 'n bekende filmster, televisiester, musiekster of sportster kon wees – of enige soort "sterstatus" kon behaal – *dit* hulle suksesvol sou maak. Sou dit egter werklik die geval wees?

Wanneer dit by geldmaak kom, was J. Paul Getty die "suksesvolste" van sy geslag. Hy was *biljoene* dollar werd op 'n tydstip wat die dollar ten minste twee of drie keer vandag se waarde gehad het. Tog het hy 'n mislukte huwelik gehad, was dikwels alleen en gefrustreer en dit is algemeen bekend dat hy gesê het: "Ek sal al die geld gee wat ek ooit gemaak het, as ek net *een gelukkige huwelik* kon hê!"

Die meeste van ons is sekerlik bewus dat tallose televisie-, film- en sportsterre later in hul lewens baie gefrustreer is. Die stories van hul betrokkenheid in drankmisbruik, dwelmverslawing en huweliksonmin – en hul algehele gevoel van leegheid – is legendaries. Jong "sterre" verskyn vinnig op die toneel om hulle te vervang en sonder enige sin van **doelgerigtheid** in hul lewens, verdoof hul sterstatus. Hulle voel beslis nie "suksesvol" wanneer hul sterstatus afneem, hul inkomste afplat en mense hulle as "uitgedien" beskou nie.

### Die "sleutel" tot WARE sukses

Die belangrikste sleutel tot ware sukses is om te leer om die regte **doelwitte** te stel en om daardie doelwitte *vasberade na te streef*. Ek sê "doelwitte" omdat dit nodig is om 'n aantal tussentydse doelwitte te stel én te bereik ten einde die *uiteindelike* doel te bereik. Baie mense raak verwar oor wat ware sukses behels, daarom besluit hulle "geldmaak" is een van hul hoofdoelwitte. Hulle besef nie dat hoewel mildelike finansiële hulpbronne effens mag *bydra* tot die mate van geluk wat 'n mens reeds bekom het, dit *nie* die ware bron of grondslag van geluk of sukses is nie. Die meeste *waarlik* suksesvolle mense besef dit, hoewel miljoene mense nooit tot daardie besef kom nie.

Party van die belangrike *gebiede* van sukses behels 'n mens se **gesin**, **loopbaan** en **gesondheid**. Tiger Woods, wat nou al vir verskeie jare as die "wêreld se beste gholfspeler" beskou word, glo sy sukses spruit uit vertroue in sy gesin, geloof in doelwitte, volhouding van 'n onwrikbare fokus en diens in die gemeenskap. Hierdie besondere jong man sê: "Die baie ideale en lesse wat ek van my ma en pa geleer het, omskryf wie ek is en maak my trots daarop. Hul onwankelbare geloof en vertroue in my, hou my daagliks aan die gang. Ongeag hoe taai ons dink ons is, ons kan dit nie alleen doen nie". Sy pa, Earl, sê wanneer die twee mekaar omhels na 'n oorwinning, sê Tiger altyd "ons het dit gedoen" – nooit "ek het dit gedoen" nie.

'n Uitsonderlike gesin kan beslis grootliks bydra tot 'n mens se sin van eiewaarde. Dit kan 'n mens 'n gevoel van stabiliteit en doelgerigtheid gee en onmeetbaar bydra tot jou geluk en sin van selfvervulling. Namate ons ouer word, indien ons nie net 'n liefdevolle maat het nie, maar omring word deur liefdevolle kinders, kleinkinders en ander simpatieke individue in 'n uitgebreide familie, sal die

diep gevoel van trots, tevredenheid en vervulling wat dit meebring, baie meer werd wees as *al die geld in die wêreld!*

Dit is waarom ons Skepper sê: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom 'n hulp maak wat by hom pas" (Genesis 2:18). In 'n liefdevolle gesin, wanneer kinders en kleinkinders bykom (*agt* kleinkinders in my geval!) kan die gevoelens van warmte, sekuriteit en geluk wat daarmee gepaardgaan nie behoorlik gemeet word nie. Soos die psalmdigter skryf: "Kyk, seuns is 'n erfdeel van die HERE; die vrug van die moederskoot is 'n beloning. Soos pyle in die hand van 'n held, so is die seuns van die jeug. Gelukkig is die man wat sy pylkoker daarmee gevul het! Hulle sal nie beskaamd staan as hulle met die vyande in die poort spreek nie" (Psalm 127:3-5). Net in die volgende Psalm lees ons: "Jou vrou is soos 'n vrugbare wingerdstok binne-in jou huis; jou kinders soos olyfboompies rondom jou tafel. Kyk, so sal sekerlik **geseën** word die man wat die HERE vrees" (Psalm 128:3-4).

Die Amerikaanse skrywer/filosoof, Elbert Hubbard, gee raad: "Put jou geluk uit jou werk". Diegene wat 'n loopbaan nagestreef het wat waarlik by hulle pas, sal almal saamstem dat dit 'n **groot** gebied is waarin sukses en geluk gebou kan word – of, andersins, om frustrasie en leegheid te ervaar wanneer die *verkeerde* tipe loopbaan gekies is.

Ons Skepper sê: "Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle **heers** oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip" (Genesis 1:26). Die mens is na die grote God se gelykenis geskape. Ons is, tot 'n beperkte mate, gemaak om "soos" ons Skepper te wees – om te dink, te beplan, te regeer en om 'n skeppende verbeelding op verskeie maniere aan te wend. Indien u u loopbaan rig in 'n beroep waar u vermoëns ten volle en vrugbaar aangewend kan word, kan u werk of beroep inderdaad 'n gevoel van sukses en vervulling verskaf. Mense wat hulself oplei en dissiplineer om die "beste" kabinette, motors of huise te bou, kan met reg baie tevredenheid daaruit put. 'n Toegewyde onderwyser, geneesheer of soortgelyke beroepslui, geniet 'n geweldige sin van vervulling deur te weet dat hy of sy grootliks bygedra het om die lewens van honderde of selfs duisende mense te verbeter en hulle te help om *hul* menslike potensiaal meer ten volle te bereik.

Selfs na dit alles, sal dit die meeste wat slegs in hul sake of loopbane sukses bereik het, met 'n gevoel van leegheid laat. Multimiljoenêr, J. Paul Getty, beskryf sy eie leegheid in hierdie opsig in sy boeiende boek, *How To Be Rich*. Nadat hy beskryf hoe hy sy eerste miljoen dollars op ouderdom 24 gemaak het, skryf Getty oor hoe hy "afgetree" het en "ten volle ingeval het by die Suid-Kalifornië-L.A.-Hollywood-wêreld van pret en plesier". Dan vertel hy egter: "Dit het my 'n wyle geneem om tot die besef te kom dat ek net tyd gemors het en dat ek verveeld was. Teen die einde van 1918 was ek deeglik keelvol. Vroeg in 1919 was ek terug in die oliebedryf – nie min verleë oor die "ek-het-jou-mos-gesê"-glimlag wat ek van my pa gekry het nie toe ek hom inlig dat ek, nadat ek op 24 afgetree het, nou op 26 uit aftrede kom nie!"

Bykans elke welgestelde persoon waarmee ek al gepraat of van gelees het, erken geredelik dat "goed" 'n mens **nie** gelukkig maak nie. Met die seën van goeie gesondheid en 'n gelukkige gesin, kan finansiële sukses 'n mate van tevredenheid bring. *Ware* sukses strek egter veel verder as finansiële- of sakeprestasies. Soos verskeie skrywers dit in effek stel: "*Betekenisvolheid strek* verder as *sukses*".

**Het u lewe diepe BETEKENIS?**

Op sekere tye in hul lewens, begin die meeste mense hulself vra: "Is **dit** al wat daar **is**?"

*U moet daardie vraag vierkantig in die oë kyk!*

Indien u bereid is om die *ware* antwoord op die vraag "**Waarom** is ek *gebore*?" ten volle en noukeurig te oorweeg, sal u onderweg wees om te ontdek hoe om 'n waarlik **betekenisvolle** lewe te geniet – 'n lewe en 'n doel wat al hoe dieper strek om die uiteindelike **doel** waarvoor u op aarde geplaas is, te vervul.

Die meeste van ons *Wêreld van Môre*-intekenare is ongetwyfeld bereidwillig om daardie groot doel te oorweeg, anders sou u nie inteken op hierdie tydskrif en dit lees nie. Laat ons dus nou noukeurig oorweeg hoe hierdie *uiteindelike doel* verband hou met die bereik van "sukses" in die lewe. Wees asseblief bereid om *dinge* noukeurig *te deurdink*, om by die **ware antwoorde** op die lewe se belangrikste vrae te kom – nie die "kitsoplossings" wat net 'n *gedeelte* van die storie in ag neem en net 'n *gedeelte* van die ware antwoord bied nie.

Die meeste van u weet dat Jesus Christus gesê het: "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van *elke woord van God*" (Lukas 4:4). Die *enigste* geskrewe "woord van God" op daardie tydstip, was wat die meeste van ons die Ou Testament noem. Let nou op hoe Jesus die Ou Testament geldig verklaar: "Jesus antwoord hulle: Is daar nie in julle wet geskrywe: Ek het gesê, julle is gode nie? As dit húlle gode noem tot wie die woord van God gekom het, en die Skrif nie gebreek kan word nie, sê julle vir Hom wat die Vader geheilig en in die wêreld gestuur het: U spreek godslasterlik – omdat Ek gesê het: Ek is die Seun van God?" (Johannes 10:34-36). In hierdie skrifgedeelte beskryf Jesus Christus duidelik die Ou Testament as "Skrif" en sê dan dat die Skrif "*nie* gebreek" kan word nie.

Ek noem dit omdat dit noodsaaklik is dat elkeen van ons ***vir onsself*** die bestaan van die baie *werklike* **God *bewys*** – die Skepper van die hemel en die aarde. Dit is ook noodsaaklik dat ons bewys dat die Bybel die *geïnspireerde openbaring* van God is, om die mensdom te vertel **waarom** ons hier is en die ware **doel** vir ons lewens te onthul. Ons moet verstaan dat sonder hierdie goddelike onthulling – *wat* **bewys** *kan word* – ons bloot in die woestyn van menslike verwarring ronddwaal, want afgesonder van so 'n werklike God, is elke mens se mening net so geldig soos elke ander mens se mening! Waar sou *dit* ons laat? Dit sou ons in *leegheid en verwarring* laat waar ons nie in staat is om enige voortreflike **doel** vir die lewe te vind nie.

Ons moet elkeen met sorg oorweeg wat God sê: "Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip" (Genesis 1:26). As wesens, na die "gelykenis" van God Self geskape om te "heers" oor die aarde, *waarheen* is ons uiteindelik op pad? *Hoe* kan ons daardie doel bereik? Sal *daardie doel* wonderlike **betekenis** aan ons lewens gee?

**Die goeie nuus**

Die antwoord op hierdie laaste vraag is 'n oorweldigende "Ja"! Sodra *u vir uself bewys het* wat die ware betekenis van die lewe is – sodra u begin om die groot **doel** van die lewe te vervul – sal elke fase en faset van u lewe betekenis aanneem. Elke dag word gevul met *betekenis*. Die oggendkoerant en die aandnuus is propvol betekenis, namate u sien hoe God se **doel** vir die nasies stadig maar seker ontvou en hoe elke individu se lewe geseën word *tot die mate* waartoe hy of sy reageer op die ontsagwekkende doel vir menslike bestaan.

God inspireer antieke koning Dawid om te skryf: "Wat is die mens dat U aan hom dink, en die mensekind dat U hom besoek? U het hom 'n weinig minder gemaak as 'n goddelike wese en hom met eer en heerlikheid gekroon. U laat hom heers oor die werke van u hande; U het alles onder sy voete gestel" (Psalm 8:5-7).

God inspireer die skrywer van Hebreërs in die Nuwe Testament om Dawid se woorde te herhaal. Dan, na die laaste frase – "**Alle dinge** het U onder sy voete gestel" – voeg die apostel Paulus by: "Want in die onderwerping van **alle dinge** aan hom het Hy niks uitgesonder wat aan hom nie onderworpe is nie. Maar nou sien ons nog nie dat alle dinge aan hom onderwerp is nie" (Hebreërs 2:8). Bybelgeleerdes erken dat die frase "die onderwerping van **alle dinge** aan hom [die mensdom]" ewenwel die mens se uiteindelike heerskappy oor die **ganse heelal** kan aandui! Soos Paulus byvoeg, het God "**niks** uitgesonder wat aan hom nie onderworpe is nie. Maar nou sien ons *nog nie* dat alle dinge aan hom onderwerp is nie"!

Vir duisende jare het die mens die maan en sterre bestudeer en gefilosofeer oor hoe ons dit eendag kan bereik. Met ons hedendaagse tegnologiese vermoëns, is ons nou in staat om van die naaste planete in *ons eie* sterrestelsel te "ondersoek". Die omvangryke heelal daarbuite – met sterre en planete wat *biljoene ligjare ver is* – sou vereis dat mans en vroue *vir baie geslagte* in die een of ander ruimtevoertuig leef, voortplant en sterf voordat hulle selfs die rand van ander sterrestelsels sou bereik!

*Sal ons dus die ruimte oorwin?*

*Ja!* Ons *sal* uiteindelik die ruimte "oorwin", maar *op die wyse* waarop ons Skepper dit bestem het, want Paulus gaan voort, in hierdie geïnspireerde gedeelte van Hebreërs: "Maar ons sien Hom, naamlik Jesus, wat vir 'n kort tydjie minder as die engele gemaak is, vanweë die lyde van die dood met heerlikheid en eer gekroon, sodat Hy deur die genade van God vir elkeen die dood sou smaak. Want dit het Hom betaam, ter wille van wie alle dinge en deur wie alle dinge is, *as Hy* **baie kinders** *na* **die heerlikheid** *wou bring*, om die bewerker van hulle saligheid deur lyde te volmaak" (verse 9-10).

God sal uiteindelik die mensdom gebruik – wat geskape is na die gelykenis van God om *volwaardige* kinders van God te word namate Christus "**baie** kinders na die *heerlikheid* [wou] bring" (vers 10) – om Christus te help om die ganse aarde en later, waarskynlik, die *ganse heelal*, te *regeer*, soos aangedui in Hebreërs 2:8!

Gepraat van 'n grootse *doel*! Gepraat van 'n voortreflike **doelwit**!

Hoewel die *meeste* belydende Christene nog nooit hiervan gehoor het nie, *dit* is die uiteindelike **Goeie Nuus**! **Dit** is **waarom** ek en u gebore is! Ons is *nie* geskape om in die hemel te "sweef" met niks om te doen nie. God het ons eerder geskep om te leer om ons tyd, talente en skeppende vermoëns te benut om ons God, ons **Vader**, te **dien**, want ware Christene word vertel om God as "Vader" aan te spreek (Mattheus 6:9). Onthou, God se Woord vertel ons dat Jesus "die eersgeborene kan wees onder **baie** broeders" (Romeine 8:29). Ons gaan die *werklike* "jonger broers en susters" van Jesus Christus wees – nie "vals broers en susters" wat op die een of ander laer bestaansvlak, soos 'n koei of bok ondergeskik aan 'n mens is nie!

**God se ewige DOEL**

God sê herhaaldelik vir ons in Sy geïnspireerde Woord dat diegene wat in hierdie huidige tyd deur Hom ***geroep*** word tot ware *begrip*, die geleentheid gegee gaan word om konings en priesters te wees in Christus se eerskomende Koninkryk en om Hom by te staan om te regeer oor stede en volke – om ware *vrede*, *vooruitgang* en *geluk* aan hierdie deurmekaar wêreld te bring. Paulus skryf: "Weet julle nie dat die *heiliges die* **wêreld** *sal* **oordeel** nie? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake? *Weet julle nie dat ons* **engele** *sal* **oordeel** *nie*, hoeveel te meer die alledaagse dinge?" (1 Korintiërs 6:2-3). Paulus vertel ons in duidelike terme dat ons 'n uiteindelike "doelwit" het om onder Jesus Christus oor die nasies van hierdie aarde te **regeer**, mits ons die duidelike woorde van die Nuwe Testament sal glo en *indien* ons gewillig is om ons lewens ten volle aan God te gee deur die *ware* Jesus Christus!

In Openbaring 2:26 praat Christus in die eerste persoon: "En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee". Ja, die *ware* heiliges – die "oorwinnaars" wat verstaan en *hulself oorgee* aan God se groot doel – sal die **mag** gegee word oor die Verenigde State, Brittanje, Kanada, Australië, Suid-Afrika, Nieu-Seeland, die Filippynse Eilande, China, Rusland en **al** die nasies van hierdie wêreld onder Jesus Christus in Sy komende wêreldregering! Dit is die wonderlike "Goeie Nuus" van die *Koninkryk*, of **Regering** van God, wat die Bybel van voor tot agter verklaar!

*Nee!* Daardie deel van die regering gaan *nie* bo in die hemel wees nie, want God se geïnspireerde Woord beeld die ware heiliges uit waar hulle sing: "U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak,

want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons **konings** en **priesters** vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die **aarde heers**" (Openbaring 5:9-10). Nadat Daniël beskryf hoe die eerskomende Vals Profeet "sal woorde spreek teen die Allerhoogste en die heiliges van die Allerhoogste mishandel" (Daniël 7:25), wys hy op die uiteindelike *verlossing* en **heerskappy** wat aan die heiliges van God gegee gaan word: "Dan word die koningskap en die heerskappy en die grootheid van die koninkryke onder die ganse hemel gegee aan die volk van die heiliges van die Allerhoogste; hulle koninkryk is 'n ewige koninkryk, en al die heerskappye sal hulle vereer en gehoorsaam wees" (vers 27).

Dit is nie net die een of ander ***sinnebeeld*** of vae droom, soos party hedendaagse teoloë graag voorstel nie! Jesus Self vertel die Apostels: "En Ek beskik vir julle 'n **koninkryk** soos my Vader dit vir My beskik het, sodat julle kan eet en drink aan my tafel in my koninkryk en *op trone sit om die twaalf stamme van Israel te* **oordeel**" (Lukas 22:29-30).

Ja! *Indien* ons ons lewens van ganser harte aan God gee, deur die ware Jesus Christus van die Bybel, kan ons 'n mate van **sukses** en ontsagwekkende **betekenis** ervaar wat dít te bowe gaan wat die meeste mense hulself selfs kan begín indink!

Hoe kan ons dan 'n sekere mate van sukses en bevrediging in hierdie lewe ervaar, terwyl ons ons voorberei op ons uiteindelike doelwit? Ons kan ons bes doen om 'n standvastige, Godvresende gesin te bou. Ons kan talent ontwikkel in ons gekose loopbaan en die "vrugte" van ons sukses gebruik om ander mense te help en te *dien*. Ons kan die beginsels van goeie gesondheid navolg en probeer om "God te verheerlik" in ons liggame (1 Korintiërs 6:20). God wil beslis hê dat ons redelik gelukkig en suksesvol op hierdie gebiede moet word.

Verder sal waarlik groeiende en produktiewe Christene – die "oorwinnaars" – leer om 'n lewe van persoonlike ontwikkeling en prestasie te leef ten einde hulle voor te berei op die toekomstige werk om Christus te help om die probleme van hierdie wêreld uit te stryk. Deur dit te doen – om ons uiteindelike doelwit te identifiseer – moet ware Christene se gedagtes vertroos word deur die diepe "vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan" (Filippense 4:7), want Jesus sê: "Ek het gekom, dat *hulle lewe en* **oorvloed** *kan hê*" (Johannes 10:10).

**Bowenal** egter – mits ons "die visie sal aangryp" **waarvoor** God ons in die eerste plek geskape het en *bowenal* die Koninkryk van God en Sy geregtigheid eerste sal soek – sal God (deur Sy Heilige Gees wat in ons werk) ons vorm en smee deur 'n lewe van geestelike groei en oorwinning. Hy sal ons ook Sy **volwaardige kinders** in Sy Geesgevulde gesin maak, wat binnekort *hierdie ganse wêreld* **gaan regeer**!

Dit is ware sukses! Kan u u indink hoe opwindend dit gaan wees om die **biljoene** deurmekaar, siek en verhongerde mense met Jesus se Wederkoms te help, te voed, aan te moedig, te onderrig en te dien? Kan u besef wat se geleentheid dit is om diepgaande *vrede* en vreugde te bring aan biljoene lewens deur hulle te onderrig en te lei in God se **weg**? Dit **alles** sal inderdaad *uiteindelike sukses* en *vervulling* bring waarvoor ons geskape is. Daar is geen groter roeping nie – daar is geen groter "sukses" nie – as om dáárdie grootse **doel** te **vervul** waarvoor ons gebore is! **§**

---

## Hoe om te voorkom dat u Laodisees word (Vervolg vanaf bladsy 26)

verkondiging van Christus se boodskap. Hulle werk persoonlik, bid en offer op sodat die roemryke boodskap van Christus se eerskomende Koninkryk kragtig aan *al die nasies* verkondig kan word.

Om ons harte werklik daarin te sit om God se Werk te **doen**, met ywer die "werktuie" vir Christelike groei te gebruik en sorgvuldig die valstrikke van *louheid* te vermy, sal ons help om te verhoed dat ons "Laodisies word" – veral as ons God in *elke* faset van ons lewens nederig en hartstogtelik "soek". **§**

# Waarom profesie?

## Deur Richard F. Ames

*Bybelprofesie onthul u toekoms – en die toekoms van die wêreld. Wat se rol speel dit in u lewe?*

Die meeste van ons wonder wat die toekoms inhou. Sal die wêreld deur meteore vernietig word? Sal die derde wêreldoorlog "die einde van die wêreld" beteken? Gereelde lesers van **die Wêreld van Môre** weet dat die Bybel die antwoorde op hierdie vrae gee. Ons het getoon dat *talle* eertydse profesieë reeds vervul is, presies soos voorspel in u Bybel. Nietemin, kan ons weet wat God vir die toekoms voorspel? Ja, beslis!

Talle mense wat godsdiens as 'n stokperdjie beskou, is geprikkel deur Bybelprofesie, maar hulle begryp nie die betekenis of belangrikheid daarvan nie. Sommige belydende Christene wys Bybelprofesie van die hand en ag dit onbelangrik. Hulle mag toegee dat profesie interessant is, maar sê dat dit niks met saligheid te doen het nie. Sien u die wanbegrip? Onthou, in 'n sekere sin word geen ware Christen vandag *finaal* gered voor Christus se Wederkoms, soos voorspel nie. Christus, in Sy eie woorde, sê: "Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word" (Mattheus 24:13).

Die Bybel beveel God se mense om getrou te bly tot aan die einde. Ware Christene sien uit na die toekoms wanneer Jesus Christus die Koninkryk van God op aarde sal vestig. Trouens, Christus sê in die volgende versie: "En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom" (vers 14).

Christus sal die mensdom se immorele en vervalle samelewing met mag beëindig en Sy Koninkryk en regering op hierdie aarde vestig. Daardie Koninkryk sal vreugde, geluk en blywende wêreldvrede vir al die nasies meebring! Let op **– watter** evangelie het Christus verkondig? **Die evangelie van die Koninkryk!** Met ander woorde, selfs die evangelie wat Jesus verkondig het is **profeties!**

Die blye boodskap is dat daar hoop vir die wêreld is – die eerskomende Koninkryk van God – wat Jesus Christus eersdaags op hierdie aarde sal vestig! Ware Christene tref nou voorbereidings om met Christus se Wederkoms verander te word en in daardie Koninkryk opgeneem te word. Die apostel Paulus skryf: "Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word. Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word. En wanneer hierdie verganklike met onverganklikheid beklee is en hierdie sterflike met onsterflikheid beklee is, dan sal vervul word die woord wat geskrywe is: Die dood is verslind in die oorwinning" (1 Korintiërs 15:51-54).

Die opstanding van getroue Christene sal plaasvind met die "laaste basuin" – die sewende basiungeskal, soos in Openbaring 11:15 bekend gemaak is. Diegene wat "volhard tot die einde" sal gered word, soos Jesus gesê het. Vir sommige, sal die "einde" die einde van 'n getroue Christelike lewe wees. Andere sal nog lewe met die Wederkoms van Christus. Al hierdie getroue Christene sal opgewek en verander word met Christus se Wederkoms en sal in die Koninkryk van God opgeneem word.

Sommige besef nie dat daar 'n toekomstige Koninkryk van God sal wees nie. Hulle sien nie die belangrikheid van Paulus se mededeling in nie, naamlik: "Maar dit verklaar ek, broeders, dat vlees en bloed die koninkryk van God nie kan beërwe nie; ook beërwe die verganklikheid nie

die onverganklikheid nie" (1 Korintiërs 15:50). As u 'n vlees en bloed Christen is, berei u voor om die Koninkryk te beërwe, maar u het dit egter **nog nie** beërwe nie! U sal u volle erfdeel ontvang ten tye van die opstanding (Johannes 3:5-6).

Jesus self benadruk dat hierdie erfenis sal plaasvind aan die einde van hierdie era: "Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af" (Mattheus 25:34).

**Wat is profesie?**

Sommige mense probeer verkeerdelik om profesie te skei van God se plan vir saligheid; dit kan egter nie gedoen word nie. Wat presies **is** profesie? Ten eerste, kom ons oorweeg wat dit **nie** is nie. *Unger's Bible Dictionary* maak hierdie stelling: "Profesie word nie bedoel om die toekoms vir ydele nuuskierigheid te openbaar nie, maar vir die groter doel om lig te werp op die geloof vir diegene wat se geloof bekragtiging nodig het" (*Moody Press*, 1967, bl. 892).

Het u geloof bekragtiging nodig? *Unger's* gaan voort: "Die openbaring van toekomstige gebeure mag nodig wees ten tye van moedeloosheid om hoop aan te wakker of te behou, om vertroue te midde van algemene afvalligheid te inspireer en die getroues te waarsku teen dreigende onheil. Voorspellings oor die lot van Babilon, Tirus, Egipte, Nineve en ander koninkryke wat Israel se vyande was, is gemaak oor hul lot om God se mense gerus te stel" (ibid).

*Unger's* definieer profesie baie eenvoudig: "Die mondelinge of geskrewe woord van 'n profeet" (ibid., bl. 893). Die Griekse woord is **prophetes** wat beteken "voorspeller" of "geïnspireerde spreker". Die *Anchor Bible Dictionary* sê: "In die sekulêre wêreld is die woord "profeet" gebruik... om te verwys na "een wat namens 'n god spreek en om sy wil vir die mens te vertolk" (vol. 5. bl. 496).

God se ware profete het Sy wil aan die mense openbaar. Hulle het ook die volke van antieke Israel en baie ander nasies gewaarsku. Byvoorbeeld, na die dood van Juda se koning Jójada, het die volk die ware God verlaat en afgode gedien: "En hulle het die huis van die HERE, die God van hulle vaders, verlaat en het die heilige boomstamme en die afgode gedien. Toe kom daar 'n toorn oor Juda en Jerusalem weens hierdie skuld van hulle" (2 Kronieke 24:18). Hoeveel mense aanbid vandag die moderne afgode van mag, besittings en posisie? In hierdie tydskrif, (en op die Wêreld van Môre televisieprogram) word die Westerse nasies gewaarsku om hulle te bekeer. Hoe het God opgetree toe Juda en Jerusalem afgodediens beoefen het? "En Hy het profete onder hulle gestuur om hulle na die HERE terug te bring; en dié het hulle gewaarsku, maar hulle het nie gehoor gegee nie" (2 Kronieke 24:19).

Uiteindelik stuur God toe die Koninkryk van Juda weg in ballingskap na Babilon vir hulle goddeloosheid. Ons moet egter vandag na God se waarskuwings luister! God se woord, die Bybel, bied ontnugterende profesieë en waarskuwings om in ag te neem!

Die profete was God se boodskappers. Hulle het beide onderrig en openbaar gemaak. *Unger's Bible Dictionary* lewer die volgende kommentaar oor die rol van die profete: "Die element van voorspelling was dikwels deel van die inhoud van die profeet se boodskap. Hierdie is egter nie die enigste element nie. Benewens dat die profete hul ook dikwels in die rol van sosiale en politieke hervormers bevind, het hulle predikers aangespreek oor geregtigheid asook die leiding in herlewingsveldtogte geneem en het hulle terselfdertyd ook oordeel of seëninge uitgespreek, na gelang van omstandighede. Die profeet se boodskap was altyd godsdienstig en geestelik en het God se wil aan die mens bekend gemaak asook 'n oproep tot volkome gehoorsaamheid" (bl. 893).

Ons sien dus dat God profete gestuur het om volke te help om van sedeloosheid af te sien. Die profete het ook God se plan vir die toekoms onthul. Na Sy opstanding uit die dode, verwys Jesus Christus na sommige van die talle profesieë wat betrekking het op homself: "En Hy sê vir hulle: Dit is die woorde wat Ek met julle gespreek het toe Ek nog by julle was, dat alles wat oor My geskrywe is in die wet van Moses en die profete en die Psalms, vervul moet word. Toe

open Hy hulle verstand om die Skrifte te verstaan" (Lukas 24:44-45). Die "Skrifte", waarna Jesus verwys is wat vandag aan ons bekend is as die Ou Testament. Die Ou Testament was verdeel in drie dele: Die Wet, die Profete en die Geskrifte. Die boek van Psalms is die eerste boek van die Geskrifte. Jesus het die belangrikheid van Bybelprofesie benadruk wat betref die voorspelling van Sy eerste koms en Sy Messiasskap. Talle Ou-Testamentiese profesieë voorspel ook Sy Wederkoms.

Profesie is ook deel van die grondslag van die Nuwe-Testamentiese Kerk. Paulus skryf: "So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God, gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is" (Efesiërs 2:19-20).

Ja, die ware grondslag van die Kerk bestaan uit die "apostels en die profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is". Het God hierdie profete geïnspireer? Wat sê u Bybel? Die apostel Petrus het gesien hoe profesieë vervul word. Hy het die Herrese Christus gesien. Hy skryf: "En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte; terwyl julle veral dit moet weet, dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie; want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek" (2 Petrus 1:19-21).

God die Skepper het Sy profete geïnspireer om ons te onderrig, te waarsku en om gebeure te openbaar. Derhalwe is dit belangrik om onderskeid te tref tussen wie 'n ware profeet is en wie valslik op daardie rol aanspraak maak. Jesus waarsku ons: "En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei" (Mattheus 24:11). Hoe kan u weet wie God se ware dienaars is? Die Skrif gee ons die antwoord. "Tot die wet en tot die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle 'n volk wat geen dageraad het nie" (Jesaja 8:20).

Indien iemand vandag beweer dat hy 'n profeet is, maar hy weerspreek die duidelike woord van die Skrifte deur sy eie woorde te stel bo die geloof "wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is" (Judas vers 3), dan is hy 'n valse profeet. God se dienaars preek en leer volgens Sy Woord, die Bybel! Dit is van toepassing op my en hierdie tydskrif. Toets ons – bewys wat ons sê aan die hand van u Bybel – en toets verseker ook alle ander mense wat sê dat hulle God se Woord verkondig.

Baie sogenaamde geestelikes skep wilde wanvertolkings van profesie deur hul eie "gunsteling idees" in die Bybel in te lees. Somtyds is hierdie selfaangestelde profete self onskuldiges wat mislei is, maar somtyds is hulle bedrieërs wat probeer om onskuldiges te mislei. Wees op u hoede!

**Vier oogmerke van profesie**

Bybelprofesie word gegee vir verskeie doeleindes waarvan ons vier van die belangrikste en mees basiese sal bespreek. Eerstens, ***Bybelprofesie waarsku mense en nasies om hulleself te bekeer, sodat hulle straf kan voorkom.***

Johannes die Doper het talle gemoedere deur sy prediking aangeraak. Wat was sy boodskap? "In daardie dae het Johannes die Doper opgetree en in die woestyn van Judéa gepreek en gesê: Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom" (Mattheus 3:1-2). Jesus Christus het kort daarna dieselfde boodskap van bekering verkondig (sien Markus 1:14-15).

Hoe het die mense reageer op Johannes se prediking? "En Jerusalem en die hele Judéa en die hele omtrek van die Jordaan het uitgegaan na hom toe. En hulle is deur hom in die Jordaan gedoop met belydenis van hulle sondes. Maar toe hy [Johannes] baie van die Fariseërs en Sadduseërs na sy doop sien kom, sê hy vir hulle: Addergeslag, wie het julle aangewys om te vlug vir die toorn wat aan kom is? Dra dan vrugte wat by die bekering pas" (Mattheus 3:5-8).

Ons moet almal op hierdie waarskuwing ag slaan en die vrugte dra wat by bekering pas. Jesus Christus belowe beskerming aan diegene wat hulle werklik bekeer en getrou is. Die apostel Johannes verwys na hierdie boodskap wat Christus

aan die Kerk te Filadelfia gelewer het: “Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel” (Openbaring 3:10).

'n Uur van beproewing wag op ons wederstrewige en goddelose wêreld. Jesus waarsku dat 'n groot verdrukking gaan kom (Mattheus 24:21). God sal egter diegene beskerm wat na Sy profetiese waarskuwings luister en hul lewens verander. Die boek van Jona vertel van 'n seldsame voorbeeld van 'n volk wat waarlik ag geslaan het op die waarskuwing van God en hulle weë verander het. Sal ons ons ook nasionaal en individueel bekeer?

God was van voorneme om Nineve te vernietig indien die volk hulleself nie bekeer nie. Hulle **het** hulleself bekeer! Hoe het God hulle bekering beskou? “En God het hulle werke gesien dat hulle hul bekeer het van hulle verkeerde weg; toe het God berou gehad oor die onheil wat Hy gesê het dat Hy hulle sou aandoen, en Hy het dit nie gedoen nie” (Jona 3:10). Die resultaat van die profetiese waarskuwing was God se seën op die mense. Sal ons, soos eertydse Nineve, reageer op vandag se profetiese waarskuwing? Indien nie, sal ons die geweldige straf van die Groot Verdrukking moet trotseer.

'n Tweede doel van Bybelprofesie is **dat dit mense waarsku om hulleself te bekeer in ballingskap**. Profesie onthul dat talle mense wat hulleself nie bekeer het voor die Groot Verdrukking nie, in staat sal wees om te onthou van God se profetiese waarskuwings en hulleself dan bekeer gedurende die pyn en lyding van die Groot Verdrukking. God gee hierdie waarskuwing – en belofte – aan diegene wat in die toekoms nasionale slawerny en ballingskap sal moet deurmaak: “En die HERE sal julle onder die volke verstrooi, en 'n klein klompie van julle sal onder die nasies oorbly waarheen die HERE julle sal drywe. En daar sal julle gode dien, die werk van mensehande, hout en klip wat nie sien en nie hoor en nie eet en nie ruik nie. Dan sal julle daarvandaan die HERE jou God soek en vind as jy Hom met jou hele hart en jou hele siel soek. As jy in die nood is en al hierdie dinge aan die einde van die dae oor jou kom, sal jy na die HERE jou God terugkeer en na sy stem luister. Want die HERE jou God is 'n barmhartige God; Hy sal jou nie verlaat en jou nie in die verderf stort nie; en Hy sal die verbond van jou vaders wat Hy hulle besweer het, nie vergeet nie” (Deuteronomium 4:27-31).

Jesus het gesê dat die Evangelie van die Koninkryk 'n getuienis sal wees vir alle nasies: “En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom” (Mattheus 24:14). Talle sal die evangelie hoor, maar hulle sal aanvanklik nie daarop reageer nie. Die gevolg is dat hulle nie die Groot Verdrukking sal kan vryspring nie. Nietemin, profesie toon aan dat baie wat die ware Evangelie gehoor het hulleself sal **bekeer** gedurende daardie toekomstige nasionale ballingskap. Indien u een van hulle sou wees, onthou asseblief God se beloftes wanneer u in ballingskap is. Hy **sal** u red. Hy **sal** u bevry, indien u Hom met u hele hart en siel soek!

'n Derde doel van profesie is **om die eerskomende Koninkryk van God op aarde aan te kondig.** Die mensdom het vir bykans 6,000 jaar die weg van sonde, selfsugtigheid, oorlog en hebsug beoefen. Die mensdom het nie die weg na vrede geleer nie. Slegs onder die heerskappy van die Prins van Vrede – ons Verlosser, Jesus Christus – sal die mensdom ooit blywende wêreldvrede geniet.

Profesie gee ons die bemoedigende nuus dat Jesus Christus Sy Koninkryk hier op aarde sal vestig en dat die getroue Christene saam met Hom sal regeer vir 'n duisend jaar (Openbaring 20:4-6). Daarna sal die Groot wit Troon oordeel plaasvind, wanneer almal wat geleef en gesterf het, sonder om God se waarheid te hoor, sal opstaan en hulle 'n eerste werklike geleentheid sal kry om God se boodskap te aanvaar en volgens Sy weë te lewe (vir meer inligting oor hierdie onderwerp, bestel asseblief ons gratis boekie, *Is Hierdie die Enigste Dag van Redding?*).

Sommige van die profesieë

oor die millennium kan nageslaan word in Jesaja 2, 11 en 35 en in Miga 4. Hierdie is besielende profesieë wat ons werklike hoop gee.

Edersheim se *Prophecy and History in Relation to the Messiah* merk as volg op: "Die een deurdringende en aansporende gedagte van die Ou Testament is die koninklike heerskappy van God op aarde ... Hierdie Messiaanse idee is die enigste *grondige rede* waarom die Ou Testament as openbarend van aard beskou word" (bll. 48, 135). Jesus Christus sal terugkeer as Koning van konings en Here van here, soos weergegee word in Openbaring 19:16. "Die koninklike heerskappy van God op aarde", soos Edersheim dit beskryf, sal wêreldvrede en voorspoed meebring.

'n Regering in die hande van die mens, sonder God, het net swaarkry veroorsaak. Tensy God tussenbeide tree, sal die mensdom gedoem wees tot totale uitwissing. Jesus sê: "En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word" (Mattheus 24:22). Die Bybel voorspel dat daar 'n tydperk sal wees waartydens die aarde herstel sal word. Onthou Petrus se woorde: Dat God "Hom mag stuur wat vooraf aan julle verkondig is, naamlik Jesus Christus, Hom wat die hemel moet ontvang tot op die tye van die wederoprigting van alle dinge, waarvan God van ouds af gespreek het deur die mond van al sy heilige profete" (Handelinge 3:20-21). God sal die aarde restoureer tot sy natuurlike, onbesoedelde prag en voorspoed, onder die Goddelike regering en Koninkryk van God. Ons kan almal verheug wees by die aanhoor van hierdie goeie nuus.

'n Vierde doel van profesie is dat **dit God se totale soewereiniteit en gesag bewys.** Niks kan God se plan van saligheid beïnvloed nie. Hierdie plan word in u Bybel onthul, van Genesis tot Openbaring. God het 'n ontsagwekkende doel met elke mens wat gehoor gee aan Hom. Daardie doel is om God se glorieryke, onsterflike kinders te word vir alle ewigheid, soos ons reeds gelees het: "Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word" (1 Korintiërs 15:53). God se groot mag, deur Sy seun en ons Verlosser, Jesus Christus, sal dit teweeg bring.

Die Almagtige God verklaar Sy gesag en soewereiniteit deur te sê: "Dink aan die dinge wat tevore was, van ouds af, dat Ek God is, en daar is geen ander nie; Ek is God, en daar is niemand soos Ek nie; wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat my behaag, sal Ek doen; wat 'n roofvoël roep uit die Ooste, die man van my raad uit 'n ver land; soos Ek dit gespreek het, sal Ek dit ook laat kom; Ek het dit voorberei, Ek sal dit ook doen" (Jesaja 46:9-11). Die Almagtige God sal Sy doel en profesieë kragdadig vervul.

Die profeet Amos waarsku dat daar 'n tyd sal kom wanneer die waarheid wat u nou hier lees nie beskikbaar sal wees nie: "Kyk, daar kom dae, spreek die Here HERE, dat Ek 'n honger in die land stuur, nie 'n honger na brood nie en nie 'n dors na water nie, maar om die woorde van die HERE te hoor. En hulle sal swerwe van see tot see en rondslinger van noord na oos, om na die woord van die HERE te soek, maar hulle sal dit nie vind nie" (Amos 8:11-12).

U moet reageer op die waarheid, terwyl dit beskikbaar is. Lees hierdie tydskrif. Die belangrikste is om u Bybel te lees en die waarheid daarin in u lewe toe te pas!

Jesus Christus belowe 'n beloning aan almal wat Hom soek met 'n opregte begeerte tot begrip. "Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby" (Openbaring 1:3). Deur God se Woord in alle opregtheid te bestudeer sal u seëninge ontvang en die talle profesieë verstaan. 'n Wonderlike toekoms, groter as al u drome en begeertes, wag op u! **§**

# Die padkaart na ware vrede

## Deur John H. Ogwyn

*Ware vrede in die Midde-Ooste bly so ontwykend soos ooit. Sal daar ooit ware vrede in die Midde-Ooste tot stand kom – asook in die res van die wêreld?*

Nadat Saddam Hussein van Irak suksesvol uit die kussings gelig is, het die Verenigde State "'n omvattende padkaart na vrede" vir die Midde-Ooste daargestel. Met die hulp van Amerika en Engeland het die leiers van Irak se teenstanders vergader, nie vêr van die stamvader Abraham se geboorteplek nie, om die raamwerk vir 'n stabiele en demokratiese nasie te skep.

Dit was gou duidelik dat dit makliker is om 'n oorlog te wen as om "vrede te bewerkstellig". Wat *is* die kanse om uiteindelik 'n langtermyn vrede en stabiliteit na hierdie land uit vervloë dae te bring? Onlangse geskiedenis en Bybelprofesieë is bewyse dat die mensdom se beste planne gedoem is tot mislukking.

Die VSA besef dat vrede in Irak nie gehandhaaf kan word sonder vrede in die Midde-Ooste nie en daarom het hulle vinnig druk op Israel uitgeoefen om 'n veelomvattende skikking met die Palestyne te aanvaar. Die Verenigde State se plan wat ondersteun is deur Rusland, die Europese Unie en die Verenigde Volkere, was daarop ingestel as 'n metode om die spanning in die Midde-Ooste te verlig, toekomstige dreigemente van terrorisme te verminder, 'n onbelemmerde vloei van ru-olie na Westerse lande te verseker en dus ontwrigting van die wêreld-ekonomie te verhinder.

Sal hierdie plan slaag waar ander misluk het? Sal die Bush Administrasie die sleutel tot sukses vind wat sy voorgangers ontwyk het? Is daar inderdaad so iets soos 'n "padkaart" na *ware* vrede?

**Vroeëre Pogings Tot Vrede**

Daar was geen gebrek aan vredesplanne gedurende die geweldsjare van die 20ste eeu nie! President Woodrow Wilson van die VSA het die "Groot Oorlog" van 1914-1918 aan die Amerikaners voorgehou as die "oorlog om alle oorloë te beëindig" en dat dit die wêreld "veilig sou maak vir demokrasie".

Die hele bestaan van Irak is die resultaat van 'n vroeëre "padkaart na vrede". Toe die Ottomaanse Keiserryk aan die einde van die Eerste Wêreldoorlog, die Groot Oorlog, ineengestort het, het die Britse regering pogings aangewend om die grense van die Midde-Ooste te verander. Lande soos Irak, Jordanië, Saoedi-Arabië en Israel het almal hul ontstaan gehad gedurende daardie Midde-Oosterse skikking. Landkaarte wat net na die Groot Oorlog deur Britse en Franse diplomate opgetrek en goedgekeur is deur die Volkebond, bestaan vandag nog as die grense van die meeste van die Midde-Oosterse lande. Maar eie aan die eertydse oplossings is saadjies gesaai vir die hedendaagse probleme.

Die Balfour Deklarasie is laat in 1917 uitgereik, kort voor die Britte Jerusalem van die Turke verower het. Dit het Engeland se besluit aangekondig om die stigting van 'n Joodse tuisland te begunstig. Die Palestynse Mandaat, 'n voortvloeisel van die Balfour Deklarasie wat deur die Volkebond goedgekeur is, het toegelaat dat die drupsgewyse instroming van Jode na Palestina – wat reeds in die 1880's met die Sionistiese beweging begin het – aansienlik kan toeneem.

Na die Geallieerdes se oorwinning, keur Brittanje die samesmelting van die Hejaz en Nejd gebiede in die Arabiese Skiereiland goed onder leiding van die heer Saud. Om die vrede te bewaar en as troos vir Suad se mededingers – die ontwortelde Hasjemitiese dinastie – vergoed Brittanje hulle deur aan hulle die nuut gestigte state van Transjordanië en Irak toe te staan. Die Franse het die Volkebond se mandaat ontvang om Sirië en Libanon te beheer.

Alles was deel van die plan om 'n stabiele Midde-Ooste onder "goedgunstige" Westerse invloed te stig.

Natuurlik het dinge nie volgens plan uitgewerk nie! In plaas daarvan om die wêreld veilig te maak vir demokrasie, is daar in die nasleep tot die Groot Oorlog onderdrukkende totalitêre regeringstate gebore in Rusland, Italië en Duitsland. Net meer as twee dekades na die "oorlog om alle oorloë te beëindig", het dit bekend geword as "Die Eerste Wêreldoorlog" toe die Geallieerde magte weer in 'n wêreldoorlog teen hierdie totalitêre regeringstate betrokke geraak het – 'n oorlog wat die grusaamheid van die "oorlog om alle oorloë te beëindig" nietig sou laat lyk.

In 1945, teen die einde van die Tweede Wêreldoorlog, is 'n nuwe padkaart tot vrede bekendgestel. Die Yalta Konferensie het die wêreld opgedeel en onder die invloed van die Sowjet Unie, die VSA en Brittanje geplaas. President Franklin D. Roosevelt van die VSA het geglo dat so 'n ooreenkoms die Sowjet Unie sou oortuig van die welwillendheid van die Westerse nasies en dat dit 'n stabiele en vreedsame na-oorlogse wêreld sou bevorder. Die Verenigende Nasies is in 1945 gestig om die Volkebond te vervang om sodoende te poog dat die wêreld uiteindelik vrede sou smaak.

Natuurlik ken ons die res van die storie. Vir dekades daarna het die wêreld tydens die Koue Oorlog geleef in die skadu van die atoombom en 'n absolute "wedersydse vernietigingsbeleid" tussen die VSA en die Sowjet Unie. Met die dreigende spanning van die Koue Oorlog, is kleiner vurige oorloë gevoer in plekke soos Korea, Viëtnam en Afganistan. Koloniale oorloë in die naam van 'vryheid' het byna elke Afrikaland onder die omkoopbare leierskap van tiranniese inboorlinge geplaas. Die VSA en die Sowjet Unie het hulle geallieerdes met wapens voorsien en hulle volmag gegee en toegelaat om *hulle* probleme in 'n oorlogsituasie op te los.

Uiteindelik, in die herfs van 1989, het die hele na-oorlogse orde van die Tweede Wêreldoorlog binne slegs 'n paar weke tot niet gegaan. Kommunistiese regeringstelsels dwarsoor Oos-Europa het soos domino's getuimel. Die Berlynse Muur tussen die kommunistiese en Westerse lande – eens die mees gehate simbool van die "ystergordyn" – is vinnig deur jubelende skares afgebreek. Binne enkele jare het die Sowjet Unie nie meer bestaan nie en is die Kommunistiese vlag voor die Kremlin met die ou Russiese vlag vervang. Sommige kommentare het hierdie merkwaardige gebeure beskryf as die "einde van die geskiedenis". Die mensdom se eeu-oue stryd en mededinging was veronderstel om tot 'n einde te kom. Uiteindelik sou daar vrede, voorspoed en vryheid vir almal wees.

Ongelukkig sien ons nou dat sulke veronderstellings naïef was. Hulle het 'n gebrek aan kennis van die menslike natuur gehad, en beslis 'n gebrek aan kennis van Bybelprofesieë.

**Die Weg na Vrede Ken Hulle Nie**

Die twintigste eeu was sonder twyfel die bloedigste in die mensdom se geskiedenis maar dit kan nie toegeskryf word aan 'n gebrek aan vredesplanne nie! Die mensdom het bloot bewys dat dit nie die *weg* na vrede is nie. 'n Padkaart is alleenlik van nut indien die opsteller daarvan duidelik weet hoe om sy eindpunt te bereik! Dit word erken dat die Bush Administrasie se padkaart na vrede nie veel van 'n kans staan nie. Die tydskrif, *U.S. News & World Report* van 12 Mei 2003, bl. 15, sê dat dit nie baie verskil van voorstelle deur vorige Administrasies nie en dat daar sprake is dat die pad na vrede uitgerek en besaai sal wees met omweë, slaggate en doodloopstrate. Tog voel dit of ons almal al voorheen hierdie pad geloop het" (*ibid*., bl. 18).

Vandag se kenners – en God se Woord – stem ooreen dat huidige pogings deur die VSA om vrede in die Midde-Ooste te bewerkstellig gedoem is tot mislukking. Die profeet Sagaria het meer as 2,500 jaar gelede oor die gebeurtenisse in die Midde-Ooste geskryf – hy sê dat die Almagtige Jerusalem "tot 'n baie swaar klip [gemaak sal word] vir al die volke: elkeen wat dit optel, sal hom daarmee sekerlik seer maak" (Sagaria 12:3).

Die ineenstorting van die

Europese kommunisme het *nie* die einde van die mensdom se magsvertoon en gevolglike oorloë beteken nie. Inteendeel, die verhoog was reg vir nog 'n *ander mededinger*. Die onlangse oorlog in Irak bewys dat die VSA sy eie staatsbeleid en doelstellings najaag, sonder inagneming van "die wêreld se opinie". Britse en Amerikaanse troepe het Saddam se regering in 'n rekordtyd oorrompel, ten spyte daarvan dat Frankryk, Rusland en Duitsland daarteen gekant was. Hierdie nasies is nou beswaard oor hulle oënskynlike magteloosheid en is angstig om iets daaraan te doen – ten koste van Amerika.

Maak geen fout nie; ons het ***nog nie*** die "einde van die geskiedenis bereik nie". Daar gaan nog groot mededingers op die wêreldtoneel verskyn. Hierdie mededingers is voorbestem om vroeg in die een-en-twintigste eeu hulle merk te maak en om eens en vir altyd te bewys dat **die mensdom nie die weg na vrede ken nie**. Die Bybelse profeet, Jesaja, skryf eeue gelede: "Die weg van vrede ken hulle nie, en daar is geen reg in hulle spore nie; hulle maak hul paaie krom, niemand wat daarop loop, ken die vrede nie" (Jesaja 59:8). Met Amerika tans skynbaar op die toppunt van sy mag, is dit byna onmoontlik om te besef dat die mag van die Anglo-Amerikaanse bondgenootskap in die onmiddellike toekoms tot 'n val sal kom.

Selfs vandag reeds word planne op die Europese vasteland beraam as 'n teenvoeter vir die Anglo-Saksiese magte. Die *Stratfor Report* beskryf onlangs die begin van 'n vername verandering in die strategiese bondgenootskappe: "Dit skyn of Rusland en Europa hulle kragte saamsnoer om die Verenigde State se toenemende globale teenwoordigheid aan bande te lê deur die skep van 'n "Groter Europa" wat bestaan uit die Europese Unie en die Gemenebes van Onafhanklike State [die vorige Sowjet Unie] … En deur Rusland as die mees belangrikste bondgenoot te hê, sal Europa die post-Sowjet state aanmoedig om te verenig en by die groep aan te sluit – **in 'n poging om die wêreld se nuwe magsbasis te skep**" (10 Mei 2003, ons beklemtoning).

Hierdie nuwe anti-Amerikaanse Europese bondgenootskap sal ook mededingers in die Arabiese lande vind. Die feit is dat die Arabiere net tydelik afgeskrik is deur die onlangse magsvertoon van die Amerikaners. In plaas van 'n stabiele, demokratiese regering wat die mag in die Arabiese deel van die wêreld handhaaf, is die bevolking meer vatbaar vir anti-Westerse praatjies en 'n boodskap uit militante Islam. 'n Charismatiese persoon, wat in die Bybel geskets word as die "koning van die Suide" sal sy verskyning maak in die Arabiese wêreld. Hy sal 'n militante lewensbeskouing en boosaardige anti-Westerse uitkyk hê. Sy pogings om hierdie eerskomende "Groter Europa" te probeer uitdaag sal 'n toekomstige Europese ingryping in die Midde-Ooste tot gevolg hê (Daniël 11:40-43).

**Die Weg na Ware Vrede**

In Sy beroemde Olyfberg Profesie (sien Mattheus 24; Markus 13; Lukas 21), verduidelik Jesus Christus dat voor Sy Wederkoms as Koning van konings, daar 'n toename in oorloë en gerugte van oorloë sal wees. Dit sal die hewigste tyd van verdrukking in wêreldgeskiedenis wees (Mattheus 24:21). Jeremia beskryf dit as "'n tyd van benoudheid vir Jakob" (Jeremia 30:7). Die hedendaagse afstammelinge van Jakob bestaan *nie net* uit Jode nie, maar sluit *ook* die Anglo-Saksiese-Keltiese volkere in. Onthou dat Jakob, wie se naam later na Israel verander is, 12 seuns gehad het. Juda – die stamvader van die Jode – was net *één* van daardie seuns. (Indien u nog nie kennis dra van hierdie uiters belangrike sleutel tot profesie nie, bestel gerus ons gratis boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?*)

In die vroeë sesde eeu v.C. (toe die Jode vir die eerste keer uit Babiloniese gevangenskap teruggekeer het om Jerusalem te herbou), werp die profeet Sagaria 'n blik op die eeue die toekoms in en wel na ons tyd en die jare wat onmiddellik vir ons voorlê. Hy beskryf die gevolge van die onrus in die Midde-Ooste en maak bekend dat 'n groot weermag wat uit vele lande bestaan in die eindtyd teen

Jerusalem sal opstaan en die stad in besit neem. Die inval en onderdrukking van Jerusalem is geensins die einde van die storie nie. Inteendeel sê Sagaria: "En die HERE sal uittrek en stryd voer teen dié nasies soos op die dag van sy stryd ... en in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg" (Sagaria 14:3-4).

Jesus Christus het byna 2,000 jaar gelede die goeie nuus van die Koninkryk van God gebring. Hy het die *enigste* weg na ware vrede bekend gemaak. Baie min mense het die weg aanvaar. Daar is baie mense wat Jesus se naam gebruik en Sy Messiasskap erken – maar hulle **ignoreer** Sy *boodskap*! Tog, wanneer Christus terugkeer, sal Hy in mag en glorie 'n letterlike koninkryk stig – 'n ware regering wat vrede bring!

In die boek van Openbaring sien die apostel Johannes in 'n visie die totstandkoming van daardie toekomstige Koninkryk. Johannes plaas ook op rekord dat Jesus Christus, net na Sy terugkeer, Satan die Duiwel sal weerhou om nie langer die nasies te mislei nie (Openbaring 20:1-3). Daarna het Johannes trone in 'n visie gesien – wat posisies van leierskap aandui – beset deur die nuut verrese Heiliges wat onsterflik is (1 Korintiërs 15:50-53). Jesus Christus sê dan ook aan Johannes: "En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee" (Openbaring 2:26). Gedurende Sy aardse getuienis het Christus al 12 die Apostels meegedeel wat hulle spesifieke beloning in Sy komende Koninkryk sou wees: "En Jesus sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle dat julle wat My gevolg het, in die wedergeboorte wanneer die Seun van die mens op sy heerlike troon gaan sit, julle ook op twaalf trone sal sit en die twaalf stamme van Israel sal oordeel" (Mattheus 19:28).

Jesus Christus gaan met Sy Wederkoms 'n **letterlike regering op die aarde tot stand bring**. Sy dissipels het egter verwag dat Hy Sy koninkryk *onmiddellik* tot stand sou bring, maar toe vertel Hy voor sy kruisiging 'n gelykenis aan hulle. In daardie gelykenis vergelyk Hy Homself met 'n jong man van adellike afkoms wat na 'n vêr land reis om as koning aangestel te word en *toe* terugkeer om te regeer (Lukas 19:11-12).

Hoe sal Jesus Christus se regering daar uitsien, en *hoe* sal dit vrede op aarde teweeg bring as elke vorige wêreldse poging misluk het? Dit sal 'n wêreldwye regering wees (Sagaria 14:9). Dit sal 'n regering wees gebaseer op God se regverdige wette wat behoorlik vanuit die nuwe wêreld se hoofstad, Jerusalem geadministreer sal word (Jesaja 2:3). Daar sal wêreldwye ontwapening wees. Die mensdom se energie en natuurlike hulpbronne sal produktief aangewend word in plaas van die vervaardiging van wapentuig (vers 4). Dit sal 'n tyd wees wanneer 'n Koning (Jesus Christus) en prinse (die pas herrese heiliges) in regverdigheid en geregtigheid sal regeer (Jesaja 32:1).

Hoe sal vrede teweeggebring word? Die profeet Jesaja verklaar: "En die werking van die geregtigheid sal vrede wees, en die voortbrengsel van die geregtigheid rus en veiligheid tot in ewigheid" (Jesaja 32:17). God se wette omskryf die weg na *ware regverdigheid* (Psalm 119:172). Daar kan beslis nooit vrede op aarde wees voordat die mensdom die enigste pad na vrede volg nie! Daardie weg – die weg van **liefde** en *ware* besorgdheid wat deur gehoorsaamheid aan God se wette voortvloei – lei tot vrede met God en vrede met ons medemens.

Die Midde-Ooste *sal* vrede ervaar – en ook die hele wêreld – en dit sal nog gedurende die leeftyd van baie van u wees wat hierdie artikel lees. Die toekomstige tyd van vrede word deur die Huttefees uitgebeeld, een van sewe jaarlikse feeste wat God aan die Israeliete in Levitikus 23 gegee het. Die viering van die Huttefees versinnebeeld die vooruitsig van die duisendjarige ryk van Christus en die **heiliges** op aarde. Dit sal 'n tyd van rus vir die hele wêreld wees (Jesaja 14:7) en 'n tyd wanneer almal "sal sit elkeen onder sy wingerdstok en onder sy vyeboom" en niemand sal hom bevrees maak nie (Miga 4:4). Mag God gee dat daardie dag spoedig aanbreek! **§**

# Profesieë in Vervulling: Vrede op aarde?

Deur Douglas S. Winnail

Is wêreldvrede *werklik* moontlik? Die soeke na vrede blyk eindeloos te wees. Dit is byna elke dag in die nuus, maar ons wêreld word meer wreedaardig by die minuut. Twee wêreldoorloë geveg in die twintigste eeu het nie vrede gebring nie, nog minder die einde van die Koue Oorlog; dit het net 'n meer verdeelde en verontrustende planeet meegebring. Elke jaar met Kersfees praat godsdiensleiers van die Christuskind en vrede op aarde, nogtans duur geweld en oorlog voort en neem toe!

Godsdienstige mense steek kerse op en bid vir vrede. Idealiste teken petisies, reël opmarse en organiseer konferensies in soeke na vrede. Pragmatiste vervaardig groter wapens om vrede af te dwing. Nogtans het al hierdie pogings *misluk* om vrede teweeg te bring. Is vrede 'n lugspieëling, 'n onbekombare doelwit, 'n *onmoontlike droom*? Waarom is die vredesproses so frustrerend en moeilik?

Menige in ons moderne samelewing besef nie dat Bybelprofesieë *lewend word* in vandag se nuus hooftrekke nie. Die Bybel voorspel nie alleen die hoof uitdagings van ons tyd nie, dit openbaar ook *waarom* menslike pogings nie vrede teweeggebring het nie. Die Skrif verduidelik ook die *weg* na vrede en *hoe* vrede op aarde uiteindelik sal kom. Min verstaan vandag wat die Bybel sê omtrent vrede.

**Wat Jesus werklik gesê het**

Predikers sê dikwels dat die boodskap van Kersfees is: "Vrede op aarde en welwillendheid teenoor mense". Hierdie is 'n verkeerde vertaling van wat die engel werklik gesê het. Behoorlik vertaal, was die engel se aankondiging tydens Christus se geboorte: "Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, teenoor mense van welbehae" (Lukas 2:14). Dit kan ook só bewoord word: "Eer aan God, en op aarde, vrede tussen mense wat God behaag", of "tussen mense met *wie God genoeë het*" – wat 'n totaal verskillende mening gee aan die stelling (sien *The New Testament in 26 Translations*). Die Bybel dui nie aan dat vrede sal kom deur goeie bedoelings of deur almal wat saamwerk vir vrede nie. Die feit is dit sê net die teenoorgestelde.

Ons hoor dikwels dat die Evangelie gaan oor Jesus, liefde, vrede en eensgesindheid. Nogtans sê Jesus duidelik: "*Moenie* dink dat ek gekom het om vrede op aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard" (Mattheus 10:34). Hy dui aan dat politieke, godsdienstige en filosofiese verskille mense sal *verdeel* en twis meebring tot die einde van die tyd. Jesus sê ook dat een van die *tekens* dat Sy Wederkoms naby is sal wees die konstante nuus "van oorloë en gerugte van oorloë – want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander – maar al hierdie dinge is *'n begin* van die smarte" (Mattheus 24:6-8). Jesus het nie gesê dat gebede, kers-aanstekings, onderhandelings of kernbomme vrede sal bring nie. Hy het voorspel dat wêreldtoestande erger en erger sal word, wat 'n hoogtepunt sal bereik in 'n tydperk van *groot verdrukking* wat die einde van die tyd sal aandui (sien Mattheus 24:9-23).

Baie godsdienstige leiers verdoesel – of ignoreer – hierdie ontnugterende aspek van Christus se boodskap. Nogtans is die skrifture *deurtrek* hiervan! Die apostel Paulus skryf: "In die laaste dae *swaar* tye sal kom". Hierdie tye sal gekenmerk word deur selfsugtige materialisme, skeptisisme, laster, ongehoorsaamheid, gewelddadigheid en die malle gejaag na plesier. Baie het 'n *gedaante van godsaligheid* maar ontken dat godsdiens enige werklike gesag in hul lewens het (2 Timotheus 3:1-5). Wat 'n presiese beskrywing van ons leeftyd! Die Hebreeuse profete het voorspel

dat 'n tyd kom wanneer goed bedoelende maar misleide burger- en godsdienstige leiers sal uitroep 'Vrede, Vrede!' wanneer daar geen vrede is nie (Jeremia 6:14). Hulle sal sê "ons kyk vir vrede maar geen vrede kom nie" (Jeremia 8:15). Jesaja waarsku, in konteks met die eindtyd, dat: "die boodskappers van vrede ween bitterlik" wanneer hulle sien dat hulle planne en pogings op niks uitloop nie (Jesaja 33:7). Eségiël profeteer dat: "hulle soek vrede, maar dit is nie daar nie. Onheil op onheil kom" (Eségiël 7:25-26). Jesus voorspel dat soos ons die einde van hierdie tydperk nader, die menslike beskawing die bedreiging van totale uitwissing in die gesig sal staar, en dat "as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar terwille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word" (Mattheus 24:22). Bybel-profesieë, wat *lewend word vandag*, openbaar dat menslike pogings om vrede te vind uiteindelik sal misluk. Die skrifture openbaar ook *waarom*.

**Een weg na vrede**

Menslike pogings om vrede te vind word beskryf in die Bybel: "Die weg van vrede *ken hulle nie*" (Jesaja 59:8). Menslike pogings misluk omdat die wêreld grootliks wat die Bybel sê omtrent vrede ignoreer of verwerp. Koning Dawid skrywe: "Die wat u wet lief het, het groot vrede" (Psalm 119:165), tog glo die meeste beleidende Christene vandag dat weggedoen is met die Wet! Dawid skryf ook: "U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad" (Psalm 119:105). Die Wette van God dui die weg na vrede aan. Jesus sê aan sy dissipels: "As julle My liefhet, bewaar my gebooie" (Johannes 14:15). Nogtans glo baie dat dit nie langer nodig is nie! As ons God se gebooie onderhou, sal ons nie doodmaak, steel, begeer, lieg, egbreek of ontug pleeg, of disrespek vir ouers of diegene in gesagsposisies betoon nie. *Dit* is hoe om werklik jou naaste lief te hê en konflik te vermy! As ons God lief het, sal ons die aanbidding van afgode en fisiese dinge vermy. Ons sal nie godsdienstige gebruike beoefen wat deur die Bybel veroordeel word nie. Ons sal die Sabbatte hou wat deur God aangewys is, eerder as die dae wat ons besluit om te onderhou. **Die weg na vrede behels om die Wette van God te leer en te gehoorsaam en daarvolgens te lewe**. Om, om die gebooie te redeneer, kerse aan te steek, heiliges te aanbid, aan te sluit by optogte of om verenigde nasies onderhandelings te steun sal nie blywende vrede meebring nie. Jesus Christus word genoem: "Vredevors" (Jesaja 9:5). Hy sê: "Ek is die weg" (Johannes 14:6). Daar is geen ander weg na vrede nie!

**Hoe vrede sal kom**

Jesus het 'n evangelie van die *komende koninkryk van God* gepreek (Markus 1:14-15). Die evangelie gaan nie oor 'n baba in 'n wiegie wat geduldig wag vir mense om hul harte aan Hom te gee nie. Die koninkryk is nie 'n warm wasige gevoel in jou hart nie. Dit is nie die kerk nie, ook nie 'n semi-vreedsame algemene samelewing wat die kerk sal vestig op aarde deur skikking of eenstemmigheid nie. Bybel-profesie verklaar dat Jesus Christus sal terugkeer en die koninkryke van die wêreld oorneem, en dat hy met groot mag sal regeer (Openbaring 11:15-18). Hy sal in Jerusalem 'n wêreldregerende regering instel wat vrede op hierdie aarde sal bring (Jesaja 2:2-4; 9:6-7). Die heiliges sal saam met Christus regeer (Openbaring 1:6; 5:10) en sal die mensdom leer om die wette van God na te volg (Jesaja 30:20-21). Soos mense 'n nuwe lewenswyse leer "sal hulle van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse – en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie" (Jesaja 2:4). *Dit* is hoe vrede op aarde vermag sal word! Hierdie profesieë *sal lewend word* in die onmiddellike toekoms. Hierdie is die *ware* Bybelse boodskap van vrede en wat die ware evangelie werklik behels! **§**

# Gelouterde goud

## Deur Mark Mendiola

Baie mense in God se Kerk gaan deur erge beproewings. Party mense mag wonder waarom God sulke beproewings toelaat en of daar moontlik enigiets positief daaruit kan voortvloei.

Sommige lidmate het al deur baie ongewone swaar beproewings gegaan. Ons kan baie daarvan op onsself bring deur foute, 'n gebrek aan oordeel of deur die verbreking van God se wette. Soms kan beproewings egter tog uit die bloute en vir geen verklaarbare redes op ons pad kom. *Vind enigeen van ons dit vreemd dat hierdie beproewings God se mense teister*?

Mense in die apostel Petrus se tyd het dieselfde vraag gevra. Let op sy antwoord: "Geliefdes, *verbaas julle nie oor die vuurgloed van vervolging onder julle wat tot julle beproewing dien*, asof iets vreemds oor julle kom nie; maar namate *julle gemeenskap het aan die lyde van Christus*, moet julle *bly* wees, sodat julle ook by die openbaring van sy *heerlikheid* met blydskap kan jubel" (1 Petrus 4:12-13).

Petrus het gesê dat ons nie verbaas moet wees oor die *vurige beproewings* nie. "Want die tyd is daar dat *die oordeel moet begin by die huis van God*. En as dit eers by ons begin, wat sal die einde wees van die wat aan die evangelie van God ongehoorsaam is? En as die regverdige *nouliks gered word*, waar sal die goddelose en die sondaar verskyn? So laat dan ook die wat *volgens die wil van God ly*, hulle siele aan Hom as die getroue Skepper toevertrou met goeie dade" (verse 17-19).

Soms is dit God se wil dat ons swaarkry, hoewel ons vertroosting kan vind in die wete dat Hy 'n glorieryke eindresultaat in gedagte het wat enigiets wat ons onsself kan voorstel, sal oortref. Om daardie eindresultaat te bereik, moet Hy ons egter soms deur vurige *beproewings laat gaan om ons soos edelmetale te louter*. Hoewel dit soms nimmereindigend voel, is beproewings slegs tydelik, gesien in die lig van die geheelbeeld.

"Daarin verheug julle jul, al word julle nou – as dit nodig is – *'n kort tydjie* bedroef *onder allerhande beproewinge*, sodat die beproefdheid van julle geloof, *wat baie kosbaarder is as goud* wat vergaan *maar deur vuur gelouter word*, bevind mag word tot lof en eer en *heerlikheid* by die openbaring van Jesus Christus" (1 Petrus 1:6-7).

*Vurige beproewings* toets ons geloof *net soos goud gelouter word deur vuur*. Met die uitsondering van Jesus Christus Self, het geeneen in die Bybel deur dieper beproewings gegaan as Job nie, wat self gewonder het waarom hy deur sulke diepe smart getref is. God het dit met 'n doel toegelaat, maar Job het dit baie vreemd gevind. Hy kon nie sien wat God besig was om met hom te doen of waarom God dit toegelaat het nie.

"Kyk, ek gaan na die ooste, en Hy is nie daar nie; en na die weste, maar ek bemerk Hom nie. As Hy in die noorde werk, aanskou ek Hom nie; buig Hy af na die suide, dan sien ek Hom nie. Want Hy weet hoe my wandel is; *as Hy my toets, sal ek soos goud te voorskyn kom*" (Job 23:8-10).

Job het besef dat sy beproewings hom soos gelouterde goud sou laat word. Die suiweringsproses skei goud van ander metale en onsuiwerhede. *God is besig om almal van ons deur 'n suiweringsproses te laat gaan om ons te reinig van al ons onsuiwerhede*.

Daar is 'n duidelike parallel tussen ons suiweringsproses en dié van goud.

'n Meule verpoeier hoëgraad erts. God moet ons dikwels platslaan voordat Hy selfs net kan begin om met ons te werk. Reduseerbare erts word *teen meer as 540° C* in 'n oond *gebak om koolstof weg te brand*. Die koolstoflose erts word dan geoksideer in 'n outoklaaf wat *super verhitte stoom onder hoë druk* gebruik om goud los te maak van sulfate.

Ons voel ook soms asof ons deur geweldige hitte of onder druk geplaas word ten tye van 'n vurige beproewing.

Die erts word daarna met sianied deurspoel wat die goud laat oplos. Uiteindelik word die onsuiwer goud na 'n ander raffinadery gestuur waar dit in stawe van 999,9 dele per duisend suiwer goud gegiet word. *God is ook besig om Sy mense te suiwer, te louter, te beproef en te toets*. Hy wil hê ons moet suiwer en heilig wees en volmaak word soos wat Hy volmaak is.

Spreuke wys duidelik dat God hierdie suiweringsproses gebruik om ons te toets. "*Die smeltkroes is vir die silwer en die oond vir die goud*, maar die HERE toets die harte" (Spreuke 17:3; 27:21).

Goud het 'n geweldige rol gespeel in die beskawing en is sedert die begin van die mensdom hoog aangeslaan. Dit was vir eeue 'n algemeen aanvaarde betaalmiddel. Dit is die wêreld se mees gesogte en veelsydigste edelmetaal. Die Romeine het dit geken as "glinsterende dagbreek". 'n Hebreeuse woord daarvoor – *zahab* – beteken "om te glinster". Goud word beskou as die kosbaarste van sy soort.

In Daniël 2 lees ons van die bekende droom wat koning Nebukadnésar van Babilon gehad het. Daniël was die enigste een wat sy droom kon uitlê. Towenaars, astroloë, goëlaars en waarsêers was verbyster, maar God het die geheim in 'n nagtelike visioen aan Daniël geopenbaar.

Let op wat Daniël vir Nebukadnésar vertel het omtrent die droom: "U, o koning, het 'n gesig gehad – kyk, daar was 'n groot beeld; hierdie beeld was hoog, en *sy glans was buitengewoon*; dit het voor u gestaan en *sy voorkoms was vreeslik*. Wat die beeld betref, sy hoof was van *goeie goud*, sy bors en sy arms van *silwer*, sy buik en sy lendene van *koper*, sy bene van *yster*, sy voete gedeeltelik van *yster* en gedeeltelik van klei" (Daniël 2:31-33).

Let daarop dat die waarde en kwaliteit van die metale afneem van die beeld se kop na sy tone toe. God sê dat *goud die kosbaarste* van al die metale is wat beskryf word.

"Dit is die droom; sy uitlegging sal ons nou voor die koning sê: *U, o koning, koning van die konings*, aan wie die God van die hemel die koningskap, die krag en die sterkte en die eer verleen het … *ú is die hoof van goud*. En ná u sal daar 'n ander koninkryk opstaan, *geringer* as dié van u; daarna 'n ander, 'n derde koninkryk, van *koper*, wat oor die hele aarde sal heers; en die vierde koninkryk sal hard wees soos yster ..." (verse 36-40).

God wys ons daarop dat goud verhewe is bo silwer wat verhewe is bo brons wat weer verhewe is bo yster. Vandag nog plaas die mens daardie metale in dieselfde volgorde. *Goud is beslis die waardevolste van al daardie metale*.

Nebukadnésar het toe 'n beeld gemaak wat sowat 27 meter hoog, maar *heeltemal van goud gemaak was*, nie 'n mengsel van ander metale soos hy gedroom het nie. Dit was ongetwyfeld 'n beeld van homself, omdat hy die kop van goud was.

"Koning Nebukadnésar het *'n beeld van goud* gemaak; sy hoogte was sestig el, sy breedte ses el; hy het dit opgerig in die dal Dura, in die provinsie Babel" (Daniël 3:1). Die beeld se hoogte tot wydte verhouding was 10 tot 1.

Daniël se drie vriende het toe deur 'n letterlike *beproewing van vuur* gegaan, maar dit nie as iets vreemds beskou nie. Hulle is *beproef en getoets* of hulle God of mense sou gehoorsaam. Sou hulle God se wet oortree om 'n mens se bevel te gehoorsaam?

Al die inwoners van Babilon is aangesê dat wanneer hulle roerende simfoniese musiek gehoor het, hulle "moet … neerval en die *goue beeld* aanbid wat koning Nebukadnésar opgerig het. En hy wat nie neerval en aanbid nie, *sal op die daad binne-in die brandende vuuroond gegooi word*" (verse 5-6).

Dit was moontlik dieselfde oond wat die Babiloniërs gebruik het om die enorme hoeveelheid goud in te smelt wat hulle nodig gehad het om daardie reuse beeld te bou. Dit moes gestook word om die geweldige hitte vir die suiweringsproses te genereer.

*Almal het neergeval en die goue beeld aanbid*. Dit was 'n voorloper van die beeld van die dier wat in die nabye toekoms in

die moderne Babilon opgerig gaan word (Openbaring13:15). Daar gaan ook 'n doodsvonnis opgelê word vir diegene wat nie die beeld gaan aanbid nie.

Daar was *sekere Jode* wat nie Nebukadnésar se gode wou dien nie en ook nie die goue beeld wat hy opgerig het nie – net soos baie Jode en Sabbatonderhouers nie sal neerbuig en die beeld van die dier aanbid nie.

'n Ontstoke Nebukadnésar het opdrag gegee dat Daniël se drie vriende in die vuuroond gegooi word omdat hulle nie die beeld wou aanbid nie. Die Groot Slagting in Nazi Duitsland was nie die eerste keer dat Jode deur heidene in oonde gegooi is nie!

Nebukadnésar het gevra: "Wie is die God wat julle uit my hand kan verlos?" (Daniël 3:15). Let op hul reaksie: "Ons ag dit nie nodig om u hierop 'n antwoord te gee nie. As onse God wat ons dien, in staat is om ons te verlos, dan sal Hy ons uit die *brandende vuuroond* en uit u hand, o koning, verlos; maar so nie, laat dit u dan bekend wees, o koning, dat ons u gode nie sal dien nie *en die goue beeld wat u opgerig het, nie sal aanbid nie*" (verse 16-18).

Hulle het nie geweet wat die uiteinde van hul *vurige beproewing* sou wees nie, maar hulle was vasbeslote dat hulle God sou gehoorsaam tot die heel einde toe. Hulle het geweier om God se tweede gebod te verbreek wat die aanbidding van gesnede beelde verbied.

In reaksie daarop het 'n ontstoke Nebukadnésar beveel dat die oond sewe maal warmer as gewoonlik gestook moes word en dat hulle daarin gegooi moes word. Dit was so geweldig warm dat die vlamme die mans gedood het wat hulle ingegooi het. God het 'n engel gestuur om Daniël se drie vriende te beskerm sodat geen haar op hul koppe geskroei was nie en hulle klere nie eens gebrand het nie. Hulle het nie eens na rook of vuur geruik nie.

God laat gereeld toe dat beproewings ons karakter toets. Daniël se drie vriende het *uit daardie beproewing gestap as goud*. "Kyk, Ek het jou *gelouter*, maar nie soos silwer nie; *Ek het jou beproef in die smeltkroes van ellende*" (Jesaja 48:10). God sal ons soms suiwer en toets deur smarte en vurige beproewings.

Die Nuwe Testament wys ook dat God wil hê ons karakter soos goud moet wees. Dit mag egter vuur kos om vas te stel of dit só is.

In 1 Korintiërs 3 sien ons dat goud weer genoem word as die kosbaarste stof, gevolg deur silwer. "Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus. En as iemand op dié fondament bou *goud, silwer*, kosbare stene, hout, hooi, stoppels – *elkeen se werk sal aan die lig kom*, want die dag sal dit aanwys, omdat *dit deur vuur openbaar gemaak word*; en *die vuur sal elkeen se werk op die proef stel*, hoedanig dit is. As iemand se werk bly staan wat hy daarop gebou het, sal hy loon ontvang; as iemand se werk verbrand word, sal hy skade ly; alhoewel hy self gered sal word, maar *soos deur vuur heen*" (verse 11-15).

Paulus wys dat ons vergoed sal word volgens ons werke, wat sal bepaal watter soort vergoeding ons sal ontvang. *Soms is vurige beproewings die enigste manier waardeur God ons karakter kan bepaal*. Sulke beproewings onthul of ons werke van goud, silwer, hooi of strooi is.

Goud is die smeebaarste en mees bewerkbare van al die metale. Een klein ons (28.35 gram) goud kan in 9 vierkante meter plaat gerol word. 'n Draadjie van 8 kilometer kan daaruit gevorm word. Daar word geskat dat, sou al die goud wat die afgelope 6,000 jaar ontgin is, saamgesmelt word, dit 'n kubus met sykante van nie meer as 18 meter sou vorm nie. Die Goudinstituut reken dat die totale hoeveelheid goud wat nog ooit gemyn is, 3.8 biljoen onse is, waarvan meer as die helfte sedert 1850 ontgin is.

Goud het die geskiedenis gevorm. Die Kaliforniese goudstormloop van die 1850's het derduisende mense dwarsoor die Amerikaanse kontinent getrek en die Atlantiese- en Stille Oseane se kuslyne verenig. Mense was bereid om geweldige ontberings te verduur en selfs te sterf vir goud. Die goudstormloop in Suid-Afrika het dieselfde tot gevolg gehad.

Die antieke Egiptenare het die kuns vervolmaak om goud in dun velle te klop en allooie te vorm saam met ander metale.

"Bladgoud" is suiwer goud, verwerk in velle, wat op ander oppervlakke aangebring kan word. Toe Koning Tut se grafkelder in 1922 oopgemaak is, is 'n goue kis van 1,110 kilogram en honderde goue en vergulde items gevind.

Met die uittog uit Egipte het die Israeliete items van goud en silwer met hulle saamgeneem. In Egipte het hulle skynbaar ook die kuns aangeleer om goud in dun velle of lagies te klop. Die Verbondsark was met goud oorgetrek en die versoendeksel van suiwer goud gemaak. Die tabernakel het ook goud daarin gehad. Salomo het dit rojaal in die tempel gebruik.

Die Israeliete het geëis dat Aäron 'n goue kalf maak wat hulle kon aanbid. Aäron het hulle goue oorbelle daarvoor gevra. Hy het die goud gesmelt en die berugte goue kalf daaruit gevorm. Daarna het hulle gesê: "Dit is jou gode, o Israel, wat jou uit Egipteland laat optrek het" (Eksodus 32:4). Die mensdom aanbid goud reeds vir millennia!

Ons lees in die Bybel dat Israel se slawerny in Egipte deur God vergelyk word met 'n smeltoond waarin hulle was. Dit was 'n *intense vurige beproewing* vir hulle (Deuteronomium 4:20; 1 Konings 8:51; Jeremia 11:4).

Net soos antieke Israel sal die hedendaagse Israel ook in slawerny gaan weens die toenemende nasionale sondes en in 'n vurige smeltoond met geen gelyke in die geskiedenis nie, gedompel word: "En in die ganse land, spreek die HERE – twee-derdes sal daarin uitgeroei word, sal sterwe, maar eenderde daarin oorbly. *Dan sal Ek die derde deel in die vuur bring en hulle smelt soos 'n mens silwer smelt en hulle toets soos 'n mens goud toets*" (Sagaria 13:8-9).

Dit verwys na die Groot Verdrukking, die verskriklikste straf wat mense ooit sal teister. Die Amerikaners en Britte sal die swaarste getref word. God sê dat Hy dit sal toelaat om hulle te "*suiwer en te toets*"; om hulle te reinig van al hul onsuiwerhede sodat hulle as goud na vore kan kom.

Esegiël is na Israel gestuur met 'n waarskuwingsboodskap. Hy het sy hare en baard met 'n skeermes geskeer en dit toe geweeg en opgedeel. "'n Derde deel moet jy binne-in die stad *met vuur verbrand* as die dae van die beleëring verby is; dan moet jy 'n derde deel neem en met die swaard stukkend kap rondom die stad, en 'n derde deel moet jy in die wind strooi; en Ek sal 'n swaard agter hulle uittrek" (Esegiël 5:2).

Dit beskryf dieselfde derdes waarna in Sagaria verwys word, wat die straf met 'n *smeltoond* vergelyk.

"Jy moet ook 'n klein bietjie daarvan neem en dit in jou slippe bind; en daarvan moet jy nog weer neem en *dit binne-in die vuur gooi en dit met vuur verbrand*; daar sal *vuur van uitgaan in die hele huis van Israel*" (verse 3-4).

Waarom sal God toelaat dat hierdie ongeëwenaarde beproewing oor hedendaagse Israel kom? "En *om al jou gruwels ontwil* sal Ek aan jou doen wat Ek nooit gedoen het nie, en wat Ek só nooit weer sal doen nie" (vers 9).

Net buite Pocatello in Idaho het die wêreld se grootste elementale fosfaat-aanleg gefunksioneer voordat dit in Desember 2001 gesluit is. Dit het vier enorme elektriese oonde gebruik om fosfatiese erts te suiwer om 'n chemiese stof te vorm. In die proses het dit byna 15 persent van die staat se totale bruikbare elektriese kapasiteit gebruik. Sowat 250 megawatts is gebruik om daardie oonde aan te skakel.

Een van die neweprodukte van daardie suiweringsproses was gesmelte metaalskuim wat uit die oonde getap en na afvaldamme gelei is. Dit was onsuiwerhede of skuim wat uit die elementale fosfaat verwyder moes word. Dit was afval of vreemde stowwe, 'n onsuiwerheid.

As gevolg van nasionale sondes beskou God sy bevlekte volk as skuim. Hy sal hulle aan geweldige hitte onderwerp om hulle te louter en hul onsuiwerhede weg te smelt.

"Verder het die woord van die HERE tot my gekom en gesê: Mensekind, *die huis van Israel het vir My skuim geword*; hulle is almal koper en tin en yster en lood [nie goud nie, maar minderwaardige metale] *binne die smeltoond*; silwerskuim het hulle geword" (Esegiël 22:17-18).

"Daarom, so sê die Here HERE: Omdat julle almal skuim

geword het ... Soos silwer en koper en yster en lood en tin binne-in 'n smeltoond bymekaargemaak word om daarteen 'n *vuur aan te blaas* en *dit te smelt*, so sal Ek julle bymekaarmaak in my toorn en in my grimmigheid en *julle ingooi en smelt*. Ja, Ek sal julle versamel en *met die vuur van my grimmigheid teen julle blaas, dat julle dáárin gesmelt kan word. Soos silwer in die smeltoond gesmelt word, so sal julle daarin gesmelt word*; en julle sal weet dat Ek, die HERE, my grimmigheid oor julle uitgegiet het" (vers 19-22).

God beloof om toegewyde lidmate van Sy Kerk te beskerm teen hierdie Groot Verdrukking wat uiteindelik die wêreld sal verteer in 'n verwoestende wêreldwye brand.

Jesus Christus gee erkenning aan die Filadelfiërs en noem dat hulle oor min krag beskik, Sy woord hou en Sy naam nie verloën het nie: "Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in die *uur van beproewing* wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde *op die proef te stel*. Kyk, Ek kom gou! *Hou vas* wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie" (Openbaring 3:10-11).

Christus sê dat 'n *vurige beproewing* oor die hele aarde sal kom om die bewoners te toets, maar die lidmate van Sy Kerk wat getrou is, sal gespaar word.

Let op Christus se beskrywing van die gemeente van die Laodiseërs wat die laaste era van Sy Kerk oorheers. "Ek ken jou werke, dat jy *nie koud is en ook nie warm nie*. Was jy tog maar koud of warm! Maar nou, omdat *jy lou is* en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug" (verse 15-16). "Ek raai jou aan om van My te koop *goud wat deur vuur gelouter is*, sodat jy kan ryk word …" (vers 18).

Die gemeente van Laodicea moet boet vir hulle laksheid deur deur die Groot Verdrukking te gaan, *sodat hulle gelouter kan word*. "Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. *Wees dan ywerig* en bekeer jou" (vers 19).

God sal Sy Kerk deur 'n suiweringsproses laat gaan. "En van die verstandiges sal sommige struikel, *om onder hulle loutering en reiniging en suiwering aan te bring tot die tyd van die einde* – want dit sal nog duur tot op die vasgestelde tyd" (Daniël 11:35).

In God se Kerk het ons baie mense met insig sien struikel. Die Bybel wys dat selfs God se leraars *gelouter* sal word voor Christus se Wederkoms. "Maar wie kan die dag van sy koms verdra? En wie kan standhou as Hy verskyn? Want Hy sal wees soos die *vuur van die smelter* en soos die loog van die wassers. En Hy sal sit: *'n smelter en reiniger van silwer, en Hy sal die seuns van Levi reinig en hulle louter soos goud en soos silwer*, sodat hulle aan die HERE in geregtigheid 'n offer sal bring" (Maleagi 3:2-3).

Christus sal Sy hele Kerk voor Sy Wederkoms suiwer sodat almal van ons regverdig sal wees. Christus wil alle sonde verwyder sodat dit nie in Sy Koninkryk sal wees nie.

"Die Seun van die mens sal sy engele uitstuur en hulle sal uit sy koninkryk bymekaarmaak *al die struikelblokke en die wat die ongeregtigheid doen, en sal hulle in die vuuroond gooi* ... Dan sal die regverdiges skyn soos die son in die koninkryk van hulle Vader" (Mattheus 13:41-43).

Ons word gelouter sodat ons kan skyn soos glorieryke geestelike wesens, net soos Christus nou krag en lig uitstraal (Openbaring 1:15).

"En in dié tyd sal Mígael, die groot vors wat oor die kinders van jou volk staan, optree; en dit sal *'n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan het tot op dié tyd nie*; maar in dié tyd sal jou volk gered word … En die verstandiges sal glinster soos die glans van die uitspansel, en die wat baie tot regverdigheid lei, soos die sterre vir ewig en altoos" (Daniël 12:1, 3).

Ons moet eers gesuiwer word om daardie glorie te bereik. Paulus het gesê dat beproewings nie waardig is om vergelyk te word met die heerlikheid wat aan [in] ons geopenbaar sal word nie (Romeine 8:18). Daardie suiweringsproses neem toe in intensiteit namate ons Christus se Wederkoms nader.

"En hy het gesê: Gaan heen, Daniël, want die woorde bly verborge en verseël tot die tyd

**Vervolg op bladsy 27**

# Hoe om te voorkom dat u Laodisees word

Deur Roderick C. Meredith

Die oorgrote meerderheid van God se mense is klaarblyklik aan die **einde** van hierdie tydperk "Laodisees". Wanneer ons Openbaring 3 werklik verstaan is dit die duidelike aanduiding. Dié wat Laodisees is sal **getugtig** moet word deur die "vuur" van die komende Groot Verdrukking (Openbaring 3:18-19). Hoe kan *u* persoonlik hierdie lot vryspring en een van dié wees wat deur God teen hierdie komende "uur van beproewing" (vers 10) beskerm sal word?

Onthou, die Laodiseërs is **nie** "Satan se mense" nie. Hulle is *God se* mense wat aan die heel einde van 'n uiters materiële en hedonistiese tydperk leef – 'n tydperk waar die klem op "self," "gemak" en "kompromie" is, in plaas van op onbeskaamdheid vir ware Christelikheid. Deesdae is dit uiters maklik vir mense – *selfs vir baie van God se mense* – om aan te hou om God se Sabbatte te wil onderhou en ook om die Tien Gebooie oor die algemeen te onderhou, asook om die meeste van die uiterlike tekens van ware Christenwees te handhaaf, maar sonder die "vuur in die boesem" wat Petrus, Paulus, Moses, Dawid en feitlik *elke* uitstaande dienaar van God wat in die Bybel beskryf word, gekenmerk het.

Dit blyk dat die "hart" uit die Laodiseërs se geloof en hul verhouding met God gegaan het, want, hoewel hulle "goeie mense" is en goed bedoel sê God aan hulle: "Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm! Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug" (Openbaring 3:15-16). Hierdie "louheid" beïnvloed hul ywer om ***presies*** te doen wat God in Sy Woord sê. Daarom sal hierdie mense neig om baie van God se dogmas en leerstellings te "verwater". Hulle en hul leiers sal hier en daar 'n paar toegewings maak in *hoe* hulle hul lewens lei, *hoe* hulle God se Sabbat en Heilige Dae onderhou, *hoe* hulle God se beveelde tiendes nakom, *hoe* hulle die duidelike voorbeeld van hiërargiese regering navolg wat so duidelik in die Bybel beskryf word, *hoe ywerig* hulle die evangelie aan die wêreld verkondig en *hoe vurig* hulle die Eségiël-waarskuwing aan die Israelitiese volke verkondig – *voordat dit te laat is!*

Vergelykenderwys neig die Laodiseërs om redelik welaf te wees. God sê vir hulle: "Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie. Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien" (verse 17-18). Miskien, omdat hulle meer materiële ***goed*** besit – gemaklike lewens lei en "sosiaal meer aanvaarbaar" is as baie van God se ander mense – kan hierdie Laodiseërs maklik laat slaplê en selfvoldaan en selftevrede word. Hulle kan voel dat hulle geestelik, intellektueel of sosiaal "meerwaardig" is. Tog sal die opregte *ywer* om te dien, om *op te offer* en om "die Werk te doen" **nie** daar wees nie. Die gees van selfopoffering en *passie* om die Eségiël-waarskuwing te verkondig, sal afwesig wees. Ook sal die "toon" van selfoorgawe en opregte gehoorsaamheid om te lewe volgens **elke** woord van God nie bestaan soos dit eens in die Filidelfia-era was nie.

**Wat om te doen?**

Die apostel Paulus was geïnspireer om ons in 2 Korintiërs 13:5 aan te moedig: "*Ondersoek julself* of julle in die geloof is; stel julself op die proef. Of is julle nie seker van julself dat Jesus Christus in julle is nie – as julle ten minste nie verwerplik is nie!" So moet ons voortdurend op ons hoede wees om te sien of Jesus Christus **werklik** Sy lewe in ons leef al dan nie. Soos die apostel Paulus skryf: "Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in

my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het" (Galasiërs 2:20). Hierdie is 'n deurslaggewende ***sleutel***. Leef die ware Christus van die Bybel **werklik** binne-in u? Het u dieselfde **ywer** en gees van diensbaarheid wat Christus, die apostel Paulus en andere geopenbaar het?

Leer om dikwels oor Jesus se leerstelling in Johannes 4:34-36 te mediteer: "Jesus sê vir hulle: My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het en om sy werk te volbring. Sê julle nie: Dit is nog vier maande, dan kom die oes nie? Kyk, Ek sê vir julle, slaan julle oë op en aanskou die lande dat hulle al wit is vir die oes. En hy wat maai, ontvang loon en vergader vrug vir die ewige lewe, sodat die saaier en die maaier saam bly kan wees". Is dit *u* "kos" om die Werk van God te doen? Is *u* "rede vir bestaan" hoofsaaklik om werklik gereed te maak vir die koms van Christus se regering wat eersdaags op aarde gevestig sal word, om Christus se **boodskap** na die hele wêreld uit te dra as 'n "getuienis" (Mattheus 24:14) en om "u lewe neer te lê" vir u medelidmate?

Jesus sê: "As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg. Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, sal dit vind. Want wat baat dit 'n mens as hy die hele wêreld win, maar aan sy siel skade ly? Of wat sal 'n mens gee as losprys vir sy siel?" (Mattheus 16:24-26). Baie van God se mense is in 'n "gemak-sone". Hulle is "aangename" mense en *bedoel goed*, maar die **passie** vir Christus en Sy diens het uit hul lewens verdwyn, indien dit ooit werklik ***in*** hul lewens was! Hierdie mense is "gemaklik" in hul sosiale lewens. Sover moontlik, skaar hulle hulle gewoonlik by ander "sukses-volle" mense. Hul *werklike* begeerte is, moontlik sonder dat hulle dit besef, om 'n veilige en gemaklike lewe te leef – hoewel hulle uiterlik in die Kerk van God bly. *In werklikheid* vind die idee dat hulle 'n "**kruistog**" voer om Christus se boodskap uit te dra na die wêreld **–** *ongeag* persoonlike veiligheid of gemak – geen inslag by hulle nie.

Wanneer hulle Jesus se woorde hoor dat elkeen van ons onsself behoort te "**verloën** en ons kruis opneem", word die Laodiseërs se oë soort van glasig. Miskien onbewustelik, dink hulle dat hierdie gesegdes van Jesus maar *bloot idealisties* is en waarskynlik bedoel is vir mense soos die apostel Paulus, maar nie vir *hulle* nie. Hulle wil nie hê dat enigeen *hul* persoonlike lewens "opmors" met 'n benadering tot Christelikheid wat hulle voel te streng of veeleisend mag wees nie!

Jesus Christus sê egter weer: "Maar nou, omdat jy **lou** is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug" (Openbaring 3:16).

**Leer om God te soek**

Nog 'n ***sleutelkonsep*** wat elkeen van ons se persoonlike Christelike lewens totaal kan hervorm, is die konsep om God *ywerig* **te soek**. Die meeste mense in die verskeie "Kerk van God" groepe *neem aan* dat hulle God en Sy weë reeds ken. Sonder om dit te besef, *beperk hulle hulself* dikwels tot die halfhartige handhawing van die uiterlike fatsoen van Christen-lewe. Hulle gaan kerk toe. Hulle onderhou die Sabbatte ten minste gedeeltelik. Oor die algemeen leef hulle volgens die Tien Gebooie. Gou word alles *alledaags.* Die apostel Paulus skryf egter: "*Want vir my is die lewe Christus en die **sterwe** wins*" (Filippense 1:21). Die *soort* **geesdriftige** verhouding wat Paulus met Jesus Christus gehad het, is bykans heeltemal afwesig in die lewens van die Laodiseërs. Dikwels besef hulle dit nie werklik nie, nóg weet hulle wat om daaromtrent te doen.

God herinner ons egter keer op keer in Sy geïnspireerde Woord om Hom daadwerklik te "**soek**" met ons hele hart! Nadat die hedendaagse Israeliete verstrooi en in **slawerny** weggevoer is, sal hulle uiteindelik leer om *dit te doen*. "Dan sal julle daarvandaan die HERE jou God **soek** en vind **as** *jy Hom met jou hele hart en jou hele siel* **soek**. As jy in die nood is en al hierdie dinge aan die **einde van die dae** oor jou kom, sal jy na die HERE jou God terugkeer en na sy stem luister" (Deuteronomium 4:29-30).

Met verwysing na Juda se eerste gevangenskap, beskryf God hierdie selfde "sleutel" reaksie – *wat Hy ooglopend in* **al**

*Sy mense verlang*: "Dan sal julle My aanroep en heengaan en tot My bid, en Ek sal na julle luister. En julle sal My **soek** en vind as julle na My vra met julle hele hart" (Jeremia 29:12-13).

God het die profeet Jesaja geïnspireer om ons hierdie basiese opdrag te gee: "**Soek** die HERE terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is. Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die HERE bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik. Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die HERE. Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes" (Jesaja 55:6-9). Elkeen van ons moet dus in ons harte en gedagtes die bewustheid kweek om God voortdurend te "**soek**" en altyd nader aan Hom te beweeg. Ons moet God of Jesus Christus **nie** as vanselfsprekend aanvaar nie. Ons moet **nie** in die "gemaksone" van die Laodiseërs verval nie.

Ons behoort almal die primêre kanale te ken waardeur ons God moet **soek**, naamlik ywerige Bybel*studie*, opregte *gebed*, sorgsame, doelbewuste *meditasie*, *vas* en om daadwerklik die Heilige Gees te *gebruik* en "met God te wandel" in elke faset van ons lewens. Indien ons, as ware Christene, *enigeen* van hierdie afskeep of nalaat, sal die krag en uitwerking van ons Christelike lewens grootliks verminder. Hierdie vyf "werktuie" vir Christelike groei **moet** voortdurend gebruik word, anders sal ons terugval in 'n "lou" Christelikheid indien ons nie as't ware geheel en al wegval nie.

*Ja*! Dit **is** só ernstig! Ons **moet** hierdie vyf werktuie gebruik om ten volle volwasse Christene te word. *Daar is geen ander uitweg nie!*

In *al* ons Bybelstudie, gebed, meditasie en vas moet ons ook voortdurend die benadering hê om God te "soek" – soekend na 'n *dieper*, *inniger* en *liefdevoller* verhouding met Christus en met ons medemens. Ons **moenie** aanneem dat ons op een of ander manier "meerwaardig" is of dat ons "dit gemaak het" nie. Onthou, Jesus sê: "Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle **liefde** onder mekaar het" (Johannes 13:35).

Daar is 'n paar belydende Kerk van God gemeenskappe wat *presies* die *teenoorgestelde* gesindheid teenoor hul medemens openbaar. Hoewel hulle sommige van die basiese waarhede wat ons geleer het aanhang, stel hierdie mense hulself aan as die "laksmanne" van nie net die sinlike wêreld nie, maar ook van ander opregte Kerk van God mense! Hulle word geken aan hul voor die hand liggende meerwaardigheidsgevoel en die atmosfeer van *strengheid*, *vrees* en *intimidasie* wat hul samesyn deurweek.

Opregte **liefde** en *spontane besorgdheid* moet die gemoed en harte van alle "Filadelfiese" Christene deurweek! Indien nie, is hulle niks meer "Filadelfies" as "die man in die maan" nie!

Tog, namate elkeen nederig na God en Sy dinge **soek,** sal die ware Filadelfiër ywerig verhoed dat hy verstrengel raak in wêreldse strewe en belange. Hy sal altyd die waarskuwing van Jesus Christus in Mattheus 13:22 in gedagte hou: "En by wie in die dorings gesaai is **–** dit is hy wat die woord hoor, maar die sorg van hierdie wêreld en die verleiding van die rykdom verstik die woord, en hy word onvrugbaar".

Deur te fokus op die "sorge van die wêreld" kan enigeen van ons aandag maklik afgelei word, indien ons nie versigtig is nie. Dit is een rede waarom Filadelfiese Christene baie van hul tyd, energie en hulpbronne moet bestee aan die **kruistog** om die boodskap van Christus aan die hele wêreld te verkondig. Jesus sê: "En hierdie *evangelie van die koninkryk* sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom" (Mattheus 24:14). Aan die Filadelfia-era van die Kerk verkondig Jesus: "Ek ken jou werke. Kyk, Ek het voor jou 'n **geopende deur** gegee, en niemand kan dit sluit nie, want jy het min krag en jy het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie" (Openbaring 3:8).

In 2 Korintiërs 2:12; 1 Korintiërs 16:9 en Kolossense 4:3, word duidelik verwys na die term "deur" as 'n opening of geleentheid om die evangelie te verkondig. Die Filadelfiërs *verlang ywerig* om 'n baie daadwerklike deel te hê in die

**Vervolg op bladsy 7**

### Gelouterde goud (Vervolg vanaf bladsy 23)

van die einde toe. *Baie sal gereinig en gesuiwer en gelouter word*" (Daniël 12:9-10). God sal die bose op aarde soos skuim uit die weg ruim (Psalm 119:119).

Petrus sê dat ons nie ons *vurige beproewings* vreemd moet vind of deur hulle bedroef moet word nie. Hy sê *ons geloof is baie kosbaarder as goud* en *word ook deur vuur getoets*. Hy sluit sy laaste sendbrief af deur te toon dat God uiteindelik die fisiese aarde en die heelal gaan ontsondig deur alle skuim, onsuiwerhede en sonde met geweldige hitte te verbrand (2 Petrus 3:10-11).

Behoort ons dan daarna te streef om te verseker dat ons karakter goud is? Ja! God is besig om ons te louter en ons soms deur vurige beproewings te laat gaan sodat ons soos goud daaruit te voorskyn kan kom. Ons moet dit nie vreemd vind wanneer ons deur vurige beproewings gaan nie, maar eerder besef dat ons Skepper besig is om ons in Sy heerlike beeld te giet.

Ons moet vurige beproewings nie beskou as iets wat gevrees moet word nie, maar eerder as *goue geleenthede*! **§**

### Persoonlik (Vervolg vanaf bladsy 2)

Het *u*, persoonlik, werklik vir ***uself*** die bestaan van die grote **God** van die Bybel ***bewys*** **–** die Skepper van die hemel en die aarde en die God wat *nou* begin om kragtig in te gryp in wêreldgebeure? Het u vir u eie gemoedsrus die *inspirasie* van die Bybel as die goddelike openbaring van God aan die mensdom *bewys*? Indien wel, sal u u daartoe verbind om te doen wat die Bybel werklik sê?

Hierdie drie vrae is die *aanvang* van wat kan lei tot 'n ware verhouding met God en die *ware* Jesus Christus wat in die Bybel geopenbaar word. *Die Wêreld van Môre* sal *u* deurgaans *uitdaag* om hierdie basiese dinge te **bewys** en u eie Bybel deeglik te **bestudeer**.

Ek daag elkeen van u lesers nou uit om die regte antwoord op al drie bogenoemde vrae aan uself te bewys. Daarbenewens daag ek u uit om die Bybel te begin *bestudeer* soos u 'n wiskunde-handboek of basiese handboek vir 'n kursus in Europese geskiedenis sal bestudeer.

'n Goeie plek vir Christene om te begin, is om sorgvuldig deur die eerste boek van die Nuwe Testament, die Evangelie volgens Mattheus, te begin *lees en dit te bestudeer*. Lees dit net *deur soos* enige ander belangrike boek wat u regtig wil verstaan. Een tegniek wat ek gebruik het, is om twee of drie hoofstukke van Mattheus deeglik te bestudeer en dan vinnig hierdie hoofstukke te hersien voor ek ophou. Volgende keer gaan ek weer daardeur voordat ek nog twee of drie hoofstukke lees. Hierdie metode van lees, hersien, hersien, lees – selfs om sekere sleutelgedeeltes te *merk* soos u aangaan – sal meebring dat u verstand elke Skrifgedeelte drie of vier keer hersien terwyl u 'n spesifieke Bybelboek bestudeer.

Dan, nadat u enige gegewe boek bestudeer het, mag u dit nodig ag om vlugtig deur die *hele boek* te gaan en sekere sleutelverse wat u gemerk het, te hersien sodat hulle in u brein *gegraveer* word. Op hierdie manier word die gedagtes van die Bybel diep in u verstand gevestig. U is dan besig om van Jesus Christus te "eet en te drink" – Sy verstand, Sy denke – soos wat die Bybel ons opdrag gee om te doen. Dit is een manier om uitvoering te gee aan Jesus se opdrag in Johannes 6:56-57: "Wie my vlees eet en my bloed drink, bly in My en Ek in hom. Soos die lewende Vader My gestuur het, en Ek deur die Vader lewe, so sal hy wat My **eet**, ook deur My lewe".

Deur gereeld van die Bybel in te drink, daaroor te mediteer en God te vra om ons te help om dit te onthou en *daarvolgens te leef*, is ons besig om Christus geestelik "te eet"!

Dit is belangrik om die *hele* Nuwe Testament op hierdie manier te lees. Wanneer ons die Ou Testament lees, kan ons

ietwat vinniger deur lang historiese gedeeltes lees – veral deur gedeeltes soos “so en so was die vader van so en so”. Selfs dan is dit egter goed om seker te maak dat ons verstaan *wat die Bybel werklik sê* – **nie** wat mense vir *ons sê* die Bybel sê nie, want as u werklik versigtig en eerlik is hiermee, sal u vind dat die meeste kerke in hierdie wêreld **nie** werklik die Bybel verstaan of dit hoegenaamd op hierdie manier verkondig nie.

Die meeste individue en godsdiensorganisasies is meer begaan oor “tradisie” en om “saam te gaan” met wat die meerderheid dink, as wat hulle is om werklik die Bybel te *bestudeer* en dan volgens elke woord van die Bybel **te leef –** waar die Ou Testament natuurlik deur die Nuwe Testament uitgebrei en uitgelê word.

*Die Wêreld van Môre* tydskrif – en hierdie Werk van die lewende God wat dit ondersteun – is geheel en al vasberade om Apostoliese Christelikheid te laat herleef. Soos baie van u ouer lesers nou reeds ongetwyfeld verstaan, probeer ons opreg en dringend om die vermaning te volg wat aan die eertydse Christene aan die einde van die eerste eeu gegee is, toe 'n massiewe afvalligheid begin het: “Geliefdes, terwyl ek alle ywer aanwend om aan julle oor ons gemeenskaplike saligheid te skrywe, het ek die noodsaaklikheid gevoel om julle deur my skrywe te vermaan om kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is” (Judas 3).

In hierdie deurmekaar wêreld wat grootliks deur Satan die Duiwel en sy begeerte om *verwarring te veroorsaak*, beïnvloed word, is dit van wesenlike belang dat ons werklik aangespoor word om “kragtig te stry” vir die geloof wat “eenmaal” aan die heiliges van God oorgelewer is. **Hoekom** sal ons iets minder doen? Watter soort *beloning* sal die groot God ons gee as ons willens en wetens enigiets minder aanvaar?

Party van u mag selfs dieper wil delf met die hulp en leiding van ander wat vasberade is om bogenoemde benadering te volg. Ek moedig u aan om met ons in aanraking te kom (by die adres naaste aan u, soos in hierdie tydskrif gelys word). U kan gerus ons *Wêreld van Môre Bybelstudiekursus* aanvra, wat gratis en sonder enige verpligting aan u gestuur sal word. Dit sal u help om die Bybel te bestudeer en te verstaan en die Waarheid vir uself te bewys, sodat u nie mislei en verwar sal word deur valse leerstellings wat uit menslike tradisies voortspruit nie. *Skryf asseblief vandag nog om gratis te registreer*!

## Wêreld van Môre

# Bybelstudiekursus

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 3016**
**Harrismith, FS**
**9880**

**of skakel: 058 622 1424**
**en vermeld dat u navraag doen**
**na die “Wêreld van Môre” Bybelstudiekursus**